

# Gendertemas in Topsy Smith se Trompie-boeke

Corene de Wet

Corene de Wet, navorsingsgenoot, Suid-Kampus, Universiteit van die Vrystaat

## *Opsomming*

Die doel van hierdie artikel is tweeledig: (1) om deur die lens van Connell (1995) se manlikheidsteorie gendertemas in Topsy Smith se Trompie-boeke uit te wys en te bespreek en (2) om te bespiegel oor die moontlikheid om die Trompie-boeke as vertrekpunt te gebruik om 'n bewustheid van genderongelykhede by kinders te kweek. Vier-en-twintig van die oorspronklike Trompie-boeke (1950–6), wat gedurende die jare 2013 tot 2020 in agt omnibusse versamel en heruitgegee is, dien as data vir hierdie studie. 'n Interpretatiewe kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg. Drie gendertemas is met behulp van kwalitatiewe inhoudsontleding geïdentifiseer: (1) Die idealisering van Afrikanerseuns en mans. Trompie is die versinnebeelding van die “ideale” Afrikanerseun. Hy is dapper, avontuurlustig en sportief, besit 'n oormaat selfvertroue en is 'n gebore leier. Daarteenoor word verfynde en gekultiveerde seuns negatief uitgebeeld. Mans word as Afrikanerelite voorgedhou. (2) Vrouekarakters in die patriargale Afrikanergemeenskap word óf uitgebeeld as versorgers en huisvroue of individue vasgevang in kenmerkende vroueberoepe, soos ontvangsdames en onderwysers, óf bespot. Die meisies wat paaie met Trompie kruis, word as oppervlakkige, geldgierige en ydel randfigure gestereotipeer. (3) Die patriargale Afrikanerhuisgesin is 'n geïdealiseerde huisgesin. Die pa is die broodwinner en die ma 'n gelukkige versorger wie se lewe om haar man en kinders draai. Hierdie gendertemas word teen die agtergrond van plaaslike en internasionale studies oor gendertemas in jeuglektuur bespreek. Die gevaar bestaan dat negatiewe genderstereotipering in jeugboeke tot 'n lae selfbeeld en minderwaardigheidsgevoel onder meisies en oordrewe selfvertroue onder seuns kan lei. Kennis moet dus geneem word van internasionale navorsingsbevindinge dat kinders se blootstelling aan nieseksistiese boeke 'n verandering in vooropgestelde gendersienings te weeg kan bring. Dit is voorts belangrik dat ouers en onderwysers 'n bewustheid van en kritiese ingesteldheid teenoor genderstereotipering en hegemoniese manlikheid by kinders kweek. Die moontlikheid om deur die kritiese lees van jeugboeke 'n sinvolle, verrykende bydrae tot die graad 7–9-Lewensoriënteringsonderrigplan vir Suid-Afrikaanse skole te maak, word kortliks aangedui.

**Trefwoorde:** Connell; gendertemas; genderstereotipering; hegemoniese manlikheidsteorie; jeugliteratuur

## Abstract

### Gender themes in Topsy Smith's Trompie books

Trompie and the Boksombende (“Boxing Gang”) are part of the reading and viewing experience of many generations of Afrikaans-speaking youths. The original Trompie series, which consists of 25 books, was published during the 1950s and has been reprinted several times. Twenty-four of the original 25 Trompie books were revised during the years 2013 to 2020 and collected in eight omnibuses. The continuing demand for Trompie books is remarkable, especially seen against the background of the growing supply of new youth books worldwide and the changing emphasis of books for the youth. The South African and especially Afrikaans youth literature, up to and including the 1970s, dealt exclusively with the white middle-class child, who grows up in an almost idyllic family with a loving homemaker mother and a hard-working father. Since the 1980s, characters have been created whose lives have not been so secure and idyllic. During the 1990s there was an overemphasis on social and personal problems. The traditional patriarchal family has made way for an absent father and a mother who is a single parent and breadwinner.

The importance of youth literature for the book market is evidenced, among other things, by the awarding of literary prizes for the recognition and promotion of high-quality youth literature. There is a growing awareness among library staff, teachers and therapists of the value of youth literature. The first Trompie book appeared in 1950, in an era when youth literature consciously or unconsciously presented traditional white middle-class norms as the ideal. The Trompie books therefore probably played and still play an important role in shaping the views of several generations of young people on issues such as race, class and gender. The purpose of this article is twofold: (1) to indicate and discuss gender themes in the Trompie books through the lens of Connell's (1995) masculinity theory; and (2) to reflect on the possibility of Trompie books as a point of departure to cultivate an awareness of gender inequalities in children.

From a literature review of international youth books it transpires that, since the Women's Movement (1960s), researchers and publishers have made a conscious effort to expose the positive portrayal of male characters to the detriment of female characters. Although this awareness has created a sensitivity among some writers and publishers about the portrayal of female characters, popular youth literature that appeared as recently as 2004 (*Dear Dumb Diary* series) and 2011 (*Twilight* series) still emphasizes boys as protagonists.

Research on gender themes in Afrikaans youth books published since the 1950s has found that Afrikaans youth books published up to the 1970s are mainly about the rough and the smooth of Afrikaner boys growing up in a secure, patriarchal family. Research publications further point out that since the 1980s, Afrikaans youth books have moved away from patriarchy and the idealized family with the father as the head, the mother as the caregiver and obedient, submissive children, to broken, eccentric, reconstituted and dysfunctional families. Recent research (2018) has found that Afrikaans youth books that have been published since the 1990s portray women as strong, intelligent and independent. From the literature it also transpires that, over time, the portrayal of female characters has gradually conformed with those of their male counterparts with regard to, among other things, marital status, role in the household, occupational status and ambition, fearlessness, independence and intellect.

Connell's (1995) masculinity theory, which underpins this study, provides insight into how boys' or men's behaviour, attitudes, and values depend on their dominance over girls, women, and femininity or refinement. This dominance is central to what Connell calls hegemonic masculinity. According to Connell, hegemonic masculinity is about more than just justifying unequal husband-wife relationships; it is also about the unequal relationship between different groups of men. Here, among other things, class, race, sexual orientation, age and nationality can play a role. Hegemonic masculinity is thus, according to Connell, the way in which (a specific group of) men acquire or possess positions of power and wealth and how they justify, maintain and expand this domination.

The eight Trompie omnibuses served as data for this study. An interpretive qualitative research approach was followed. Three gender themes were identified using qualitative content analysis:

(1) The portrayal of Afrikaner boys and men. Trompie is the epitome of the alpha male: he is an autocratic, egocentric leader with an excess of confidence in his intellectual and physical abilities. It is important for the alpha male to enjoy prestige among adults and children. Trompie's participation in violent confrontations and sports is characterized by brute force. The Trompie books are about much more than the domination of women by men; it is also about men's dominance over other men. Violent clashes between boys are an important way in which the alpha boys establish and reaffirm their dominance over other boys. In almost all the Trompie books analysed, some of the members of the Boksombende are involved in a fistfight with fellow learners, usually newcomers, to "teach" these newcomers what is acceptable behaviour, to stifle and incite bullying behaviour, and to show who is the pack leader. Violence therefore seems to be the solution to many problems and the restoration of the balance of power. It is clear from the many descriptions of how the members of the Boksombende react to severe corporal punishment and other forms of physical discipline that it is important proof of boys' masculinity. Sport plays an important role in the development and establishment of hegemonic masculinity. From the stories it appears that winning is everything and that boys who do not strive to excel and win on the sports field or do not participate in so-called "male" sports are marginalized and humiliated. In contrast to Trompie, the hegemonic, dominant protagonist, refined and cultured boys and men are despised and portrayed negatively in a 1950s school and community environment where patriarchy flourished. To the contrary, the white men referred to in the Trompie books are, with a few exceptions, portrayed as leaders in the local or international community.

(2) Female characters in the patriarchal, idealized Afrikaner community are either portrayed as caregivers and housewives or individuals trapped in characteristic female occupations, such as receptionists and teachers, or mocked. The women's lives revolve around their homes, husbands and children and the local community. The girls who cross paths with Trompie are stereotyped as superficial, money-hungry and vain. None of the female characters can serve as inspiration or example for young female readers to spread their wings.

(3) The patriarchal Afrikaner household is an idealized household. The traditional family is presented as the norm: Trompie's mother performs tasks in and around the house. She prepares food, takes care of her children and is involved in church and community activities. In the idealized patriarchal Afrikaner family, Trompie's father plays a leadership role inside and outside the family. He is the "head of the family", the breadwinner (bank manager), the person who carries the wallet. In the Trompie books, the family and the marriage are viewed through romanticized, rosy glasses.

There is the danger that negative gender stereotyping in youth books can lead to low self-esteem and feelings of inferiority among girls, and excessive self-confidence among boys. One should therefore take notice of international research findings that children's exposure to non-sexist books can bring about a change in preconceived gender views. It is also important that parents and teachers cultivate an awareness of, and a critical attitude towards gender stereotyping and hegemonic masculinity in children. The article discusses the possibility of making a meaningful, enriching contribution to the Grade 7–9 Life Orientation Teaching Plan for South African schools through the critical reading of youth books.

**Keywords:** Connell; gender stereotyping; gender themes; hegemonic masculinity theory; youth literature

## 1. Inleiding

Trompie en die Boksombende is deel van die lees- en kykervaring van vele geslagte Afrikaanssprekende jeugdiges. Die Trompie-boeke is die pennevrug van Matthys Gerhardus *Smith* (1914–85). *Smith*, wat onder die skuilname “Topsy Smith” en “Bettie Naudé” die gewilde Trompie- en Saartjie Baumann-boeke onderskeidelik geskryf het, het ook as M.G. *Smith* (sy voorletters en van) volwasse fiksie die lig laat sien (Schalkwyk 2020:1). Die oorspronklike Trompie-reeks, wat uit 25 boeke bestaan, het gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu die lig gesien en is verskeie kere herdruk. In 1962 en 1963 verskyn nog ses Trompie-boeke, wat bekend staan as die “nuwe Trompie-reeks”. Vier-en-twintig van die oorspronklike 25 Trompie-boeke is gedurende die jare 2013 tot 2020 hersien en in agt omnibusse versamel (WorldCat s.j.[a]). In 1975 verskyn die film *Trompie* onder regie van Tony van der Merwe (Worldfilmgeek 2021). Die televisiereeks *Trompie en die Boksombende* (s.j.), bestaande uit elf episodes, is in 1980 uitgesaai. Anton Goosen het die bekende kenwysie gesing.

Die voortgesette vraag na Trompie-boeke is merkwaardig, gesien teen die agtergrond van eerstens die groeiende aanbod van nuwe jeugboeke sedert die 1990's, nie net in Suid-Afrika nie (De Wet 2016:49), maar wêreldwyd (Cart 2008:1; Silva en Savitz 2019:323), en tweedens die verandering van die klem van plaaslike en internasionale jeuglektuur (Geldenhuis en Anker 2018:362). Geldenhuis en Anker (2018:362) wys daarop dat Suid-Afrikaanse en veral Afrikaanse jeuglektuur tot en met die 1970's uitsluitlik oor die wit middelklaskind, wat grootword in 'n byna idilliese gesin met 'n liefdevolle tuisblyma en 'n hardwerkende pa, gehandel het. Sedert die tagtigerjare is karakters geskep wie se lewens nie so geborge en idillies was nie. Gedurende die negentigerjare is onderwerpe wat eens taboe was, soos bloedskanie, tienerseks, prostitusie, homoseksualiteit en seksuele oriëntasie, aangeraak. Die tradisionele patriargale familie het in onder andere *Lien se lankstaanskoene* (Van der Walt 2008) en *Droomwa* (Hough 1990) plek gemaak vir 'n afwesige pa en 'n ma wat 'n enkelouer en broodwinner is. Van Coller (2022a:9) waarsku dat daar teenswoordig (2020s) 'n oorbeklemtoning van sosiaal-maatskaplike en persoonlike probleme in jeugboeke is. Dit lei volgens hom tot 'n “versugting” by lesers na boeke waarin die manlike karakters “nie versukkeld, gekweld of paranoïes” is nie. Hierdie versugting kan 'n moontlike verklaring vir die voortgesette gewildheid van die Trompie-boeke wees.

Die belangrikheid van jeugliteratuur vir die boekemark blyk onder meer uit die toekenning van literêre pryse ter erkenning en bevordering van hoëgehaltejeugliteratuur (Gooden en Gooden

2001:89; Cart 2008:2; De Wet 2016:49). Uit navorsing (Cart 2008:2–3) blyk dit dat daar ’n groeiende bewuswording onder biblioteekpersoneel, onderwysers en terapeute oor die waarde van jeugliteratuur is. Jeugliteratuur bied aan lesers die geleentheid om dit wat gemeenskaplik aan hulleself en ander is, maar ook dit wat uniek aan hulleself en ander is, te erken. Jongmense het ’n behoefte daaraan om te behoort; hulle wil weet dat daar ander is wat met dieselfde probleme as hulleself worstel – en dit bied jeugliteratuur aan hulle. Voorts het jeugliteratuur die vermoë om by lesers begrip en empatie vir ander, wat soos hulleself of anders as hulleself is, te kweek. Jeugliteratuur het volgens Silva en Savitz (2019:324) ook die vermoë om “die waarheid” bloot te lê, of die leser daarvan hou of nie, en ’n bewuswording van moeilike kwessies, soos rassisme, kultuurverskille, boeliegedrag, seksuele identiteit en geslagsgeweld, te skep. Jeugliteratuur kan ’n belangrike rol in jeugdige se groei tot volwassenheid speel en hulle onder andere voorberei vir die aanvaarding van hul verantwoordelikhede as landsburgers. Dikwels verskaf jeugliteratuur aan jong lesers ’n religieuse of filosofiese verwysingsraamwerk, rolmodelle, begrip van wat reg en wat verkeerd is en ’n sensitiwiteit vir hul eie sowel as ander se sosio-ekonomiese omstandighede (Silva en Savitz 2019:324). Deur biblioterapie – die gebruik van literatuur vir die doel van emosionele herstel en groei – kan kinders geleer word om moeilike omstandighede soos boeliegedrag, hikkkel, disleksie, gestremdhede, dood of ernstige siekte van geliefdes te hanteer (De Wet 2016:51).

Indien daar in ag geneem word dat die eerste Trompie-boek in 1950, in ’n era toe jeuglektuur bewustelik of onbewustelik tradisionele wit middelklasnorme as die ideaal voorgehou het, verskyn het (De Villiers en Bester 1992:174), kan afgelei word dat die Trompie-boeke waarskynlik ’n belangrike rol in die vorming van verskeie geslagte jongmense se sienings van kwessies soos ras, klas en gender gespeel het en steeds speel (Taber en Woloshyn 2011:227). Die doel van hierdie artikel is tweeledig: (1) om deur die lens van Connell (1995:77) se manlikheidsteorie gendertemas in die Trompie-boeke aan te dui en te bespreek en (2) om te bespiegel oor die moontlikheid om Trompie-boeke as vertrekpunt te gebruik om ’n bewustheid van genderongelykhede by kinders te kweek.

## 2. Navorsing oor gender in jeuglektuur

Jeugliteratuur is gerig op die belangstelling, probleme en lewenservaringe van adolessente tussen die ouderdomme van twaalf en agtien jaar (Adigüzel en Ayaz 2020:551; Geldenhuys en Anker 2018:356). Volgens Geldenhuys en Anker (2018:357) bevat jeugliteratuur die volgende elemente: ’n adolessent as protagonis; ’n duidelik identifiseerbare adolessente verteller, houding of stem; en ’n reis na volwassenheid. Adigüzel en Ayaz (2020:551) noem dat jeugliteratuur om die volgende twee redes ook as *oorgangsliteratuur* bekend staan: Die held of protagonis van die verhaal se soeke na identiteit eindig dikwels in positiewe veranderinge en insigte teen die einde van die verhaal en die lees van jeugliteratuur is ’n belangrike bousteen in die kweek van ’n liefde vir lees en dien as inleiding tot volwasse en klassieke literatuur.

### 2.1 Navorsing oor gender in buitelandse jeuglektuur

Die Vrouebeweging van die 1960’s moet volgens Turner-Bowker (1996:463) as die stukrag vir navorsing oor gendervooroordele in jeugliteratuur gedurende die 1970’s gesien word. Uit Turner-Bowker (1996:463) se literatuuroorsig van drie navorsingspublikasies wat in die 1970’s verskyn het (Key 1971; Weitzman, Eifler, Hokanda en Ross 1972; Rachlin en Vogt 1974), blyk

die ooreenstemming in die bevindinge van die drie publikasies soos volg te wees: Manlike karakters word by uitstek positief uitgebeeld as onder meer broodwinners, leiers en dapper avonturiers. Daarenteen word vroue as passief of as slagoffers uitgebeeld.

Williams, Vernon, Williams en Malecha (1987:148–56) se studie word deur hierdie skrywers as 'n voortsetting van Weitzman e.a. (1972:1127) se navorsing voorgelê. Beide studies het wenners en naaswenners van die Caldecottprys vir jeuglektuur as data gebruik. Weitzman e.a. (1972:1125–50) het agtien boeke wat gedurende die jare 1967 tot 1971 verskyn het, kwantitatief ontleed en Williams e.a. (1987:149) het dieselfde gedoen met 53 wenners en naaswenners van die prys wat gedurende die 1980's verskyn het. Williams e.a. (1987:151) het bevind dat as daar na illustrasies met net vroue in die boeke wat hulle ontleed het, gekyk word, 37,1% van die illustrasies slegs vroue uitgebeeld het, terwyl Weitzman e.a. (1972:1130) bevind het dat slegs 11,7% van die illustrasies in die boeke wat deur hulle ontleed is, net vroue bevat het. Voorts is bevind dat daar in ongeveer 'n derde van die boeke wat Weitzman e.a. (1972:1130) ontleed het geen vroulike karakters was nie. Williams e.a. (1987:152) het bevind dat hierdie persentasie stadig maar seker besig was om te daal: Gedurende 1972 tot 1979 was die persentasie pryswenners en naaswenners waarin geen vroulike karakters verskyn nie 27,6%. Hierdie persentasie het tot 12,5% in die 1980's gedaal. Beide studies het bevind dat meer seuns as meisies in die ontlede boeke buite speel. Williams e.a. (1987:152) redeneer dat hierdie binne-buite-verdeling in ooreenstemming is met 'n vroeëre, tradisionele siening dat meisies passief is en in die huis hoort – 'n meisie se plek is langs haar ma in die huis. Voorts het beide studies bevind dat vrouekarakters meer afhanklik, onderdanig, versorgend, dienend en passief as manlike karakters is. Manskarakters word uitgebeeld as meer onafhanklik, mededingend, kreatief en aktief as vrouekarakters (vgl. Williams e.a. 1987:154). Williams e.a. (1987:154) skryf dat beide studies die tradisionele stereotipering van mans en vroue in die Amerikaanse kultuur herbevestig, maar dat die felheid van die negatiewe stereotipering van vroue besig is om af te neem. 'n Kwantitatiewe inhoudsontleding deur Gooden en Gooden (2001:89) van 83 boeke wat gedurende die jare 1995 tot 1999 verskyn het, bevestig vorige navorsing, naamlik dat mans of seuns steeds die oorheersende rol in Amerikaanse kinderboeke speel en dat vrouekarakters stereotipies uitgebeeld word.

Turner-Bowker (1996:461) se kwantitatiewe studie van 30 boeke wat gedurende die jare 1984 tot 1994 pryse vir jeugliteratuur in die Verenigde State van Amerika verower het, het ten doel gehad om die getal manlike en vroulike karakters waarna in die titels van die boeke verwys word, te bepaal. Voorts wou sy die getalverhouding tussen manlike en vroulike hoofkarakters bepaal, asook watter en hoeveel byvoeglike naamwoorde gebruik word om manlike en vroulike karakters te beskryf (bv. *pragtige, oulike, bang, honger* en *dapper*). Turner-Bowker (1996:461) se belangrikste bevindinge kan soos volg opgesom word: Getallegewys word daar meer dikwels na mans as na vroue in die titels van die ontlede boeke verwys. Meer manlike as vroulike karakters verskyn in die illustrasies. Mans word as sterker en aktiewer as die vrouekarakters uitgebeeld. Laastens het die studie bevind dat meer byvoeglike naamwoorde met 'n positiewe betekenis gebruik is om vroulike karakters te beskryf, eerder as manlike karakters.

In Amerika is daar, soos reeds genoem, sedert die Vrouebeweging gedurende die 1960's, 'n bewustheid onder ouers en onderwysers geskep oor negatiewe geslagstereotipering in jeug- en kinderlektuur. Sedert die middel-sewentigerjare het verskeie navorsers en uitgewers, op grond van boekresensies, lyste van gewilde seksistiese en nieseksistiese jeug- en kinderboeke gepubliseer (Diekman en Murnen 2004:376). Diekman en Murnen (2004:376–7) het twintig boeke, tien seksisties en tien nieseksisties, geïdentifiseer vir 'n studie oor seksisme en gender-

stereotipering in boeke. Veertig deelnemers (twintig mans en twintig vroue) is gevra om die uitbeelding van verskillende vorms van seksisme, waaronder stereotipiese persoonlikheid, genderspesifieke beroepe en genderrolle binne die gesin, op 'n sewepuntskaal te beoordeel. Die studie het bevind dat selfs boeke wat as nieseksisties voorgelê word, 'n uiters beperkte blik op gendergelykheid gee. Vrouekarakters sal dikwels manlike eienskappe tentoonstel en stereotipiese manlike rolle vervul, maar nie die omgekeerde nie. Diekman en Murnen (2004:382) kom tot die gevolgtrekking dat die ontlede nieseksistiese boeke die boodskap oordra dat die hedendaagse vrou 'n onafhanklike, gedrewe persoon is wat met groot sukses 'n uitdagende beroep kan volg. Min boeke dra egter die boodskap oor dat seuns of mans suksesvolle tuisteskeppers is wat in hul volwasse lewe sal kan omsien na hul vroue en kinders se fisiese en psigiese behoeftes.

Taber en Woloshyn (2011:230–9) se navorsing oor gendertemas in drie dagboekstrookiesprente, naamlik *Dear Dumb Diary: Let's Pretend this Never Happened* deur J. Benton (2004), *Diary of a Wimpy Kid: Greg Heffley's Journal* deur J. Kinney (2007) en *Dork Diaries: Tales from a NOT-SO-Fabulous Life* deur R.R. Russel (2009), identifiseer vyf gendertemas: (1) *Gewildheid*: Die gewildste karakters is fisiek aantreklik. Kriteria vir gewildheid verskil tussen seuns- en meisiekarakters in die drie boeke. Vir die meisies is dit belangrik om mooi en aantreklik vir seuns te wees. Gewilde meisies het baie of genoeg geld en is deel van die in-groep (“in-crowd”). Vir die seuns in hierdie verhale is dit belangrik om gewild, aantreklik, goed gebou en sterk te wees – dit sal voorkom dat hulle deur boelies geviktimizeer word. (2) *Boeliegedrag*: Uit die drie verhale blyk dit dat boeliegedrag deel van skoolkultuur is. (3) *Selfbeeld*: Die hoofkarakters in al drie verhale worstel met die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld. Hierdie worsteling blyk uit hul onsekerheid oor hul liggame, talente, belangstellings en akademiese vermoëns. (4) *Vriendskap*: Die waarde van opregte en langdurige vriendskap word deur sowel die seuns- as die meisiekarakters in die drie boeke erken. (5) *Volwassenes se naïwiteit*: Ouers en ander volwassenes word grootliks as sorgsaam en liefdevol uitgebeeld. Volwassenes blyk egter nie bewus te wees van jongmense se probleme nie (Taber en Woloshyn 2011:230–9).

Owens (2011:124) ondersoek geslagstereotipering in Stephanie Meyer se gewilde *Twilight*-reeks. Die reeks, wat gedurende die 2010's die lig gesien het, handel oor die verhouding tussen 'n tiener, Bella Swan, en haar vampierkêrel, Edward Cullen. Owens (2011:124) het bevind dat kenmerkende geslagstereotipering gebruik word om die vrouekarakters uit te beeld. Bella is byvoorbeeld slank en het lang donker hare. Sy hou daarvan om kos te maak, huishoudelike takies te verrig en te lees. Cullen is op sy beurt weer baie aantreklik. Hy versamel luukse motors, luister graag na musiek en is 'n gedagteleser. Bella is die kenmerkende “meisie in die moeilikheid” en Cullen “die ridder op die wit perd” wat haar van ander vampiere moet red (Owens 2011:130). Owens (2011:124) is van mening dat die skrywer té swaar op stereotiperings leun in haar uitbeelding van die hoof- en newekarakters. Lesers identifiseer hulle dus moeilik met dié karakters, aldus Owens (2011:124).

Uit bostaande literatuuroorsig blyk dit dat navorsers en uitgewers sedert die Vrouebeweging (1960's) 'n bewustelike poging aangewend het om die positiewe uitbeelding van manskarakters ten koste van vrouekarakters aan die kaak te stel. Hoewel hierdie bewusmaking 'n sensitiwiteit by van die skrywers en uitgewers oor die uitbeelding van vrouekarakters geskep het (vgl. Diekman en Murnen 2004 se navorsing), beklemtoon gewilde jeugliteratuur wat so onlangs as 2004 (*Dear Dumb Diary*-reeks) en 2011 (*Twilight*-reeks) verskyn het, steeds seunsprotagoniste.

## 2.2 Navorsing oor gender in Afrikaanse jeuglektuur

Navorsing oor gender in Afrikaanse jeugliteratuur is volgens Geldenhuys en Anker (2018:362) reeds in 1989 gedoen toe Niehaus (1989:4) ondersoek ingestel het na die invloed van feminisme op tradisionele sprokies. De Villiers en Bester (1992:174) se studie oor Afrikaanse jeugliteratuur konsentreer op Scheepersprysweners wat oor 'n tydperk van 36 jaar (1956–92) verskyn het. Die belangrikste bevindinge van hierdie projek is soos volg: (1) *Die verteenwoordiging van manlike en vroulike karakters*: Op enkele uitsonderings na is die hoofkarakters manlik. Vroulike karakters is “meestal maats, nooientjies, of susters en word dikwels gebruik om meer ontwikkelingsgeleenthede aan die manlike hoofkarakters te gee” (De Villiers en Bester 1992:177). (2) *Beweeglikheid van die karakters*: Manlike hoofkarakters oorheers die boeke wat die Scheepersprys ontvang het. Óf die vroulike newekarakters is passiewe toeskouers óf hulle verrig stereotipiese takies. (3) *Tradisionele rolle en huwelikstatus*: Die pa's is die besluitnemers, leiers en broodwinners in die patriargale gesin; die ma's is die onderdanige versorgers. (4) *Manlike en vroulike take*: Vroue in die ontlede boeke verrig hoofsaaklik take in en om die huis. Die mans, daarenteen, verrig take buite die huis. Die navorsers het bevind dat daar 'n duidelike onderskeid tussen “vroue-” en “manswerk” is. (5) *Beroepe*: Die navorsers het bevind dat die mans oor die algemeen “beroepe beoefen waarvoor meer geleerdheid nodig is” (De Villiers en Bester 1992:178), terwyl vroue meer ondersteunende of versorgende beroepe, byvoorbeeld as huisvroue of tuisverpleegsters, volg. (6) *Voorkoms van karakters*: Fisieke krag word by mans beklemtoon, en skoonheid by vroue. (7) *Persoonlikheidseienskappe*: De Villiers en Bester (1992:179) het bevind dat, op enkele uitsonderings na, seuns as “dapper, sterk, vindingryk, vreesloos en beskermend teenoor die vroulike geslag” uitgebeeld word. Die vroue, daarenteen, word as “oordrewe emosioneel, ... bang, broos en afhanklik” uitgebeeld. Vrouekarakters is voorts “giggelrig, katterig, nuuskierig, onvoorspelbaar en listig” (De Villiers en Bester 1992:179).

'n Artikel deur Nieman en Hugo (2004:1–14) dien volgens dié twee skrywers as 'n “opdatering” van De Villiers en Bester (1992:174–80) se publikasie. Nieman en Hugo (2004:1–14) ondersoek elf tekste wat gedurende die periode 1992 tot 2001 die Scheepers- en Sanlamprysweners vir jeugliteratuur was. Hulle gebruik in 'n groot mate dieselfde groepe as De Villiers en Bester (1992:174–80) in die bespreking van hul navorsingsbevindinge. (1) *Die verteenwoordiging van manlike en vroulike karakters*: In vyf van die boeke is die hoofkarakters manlik en in ses vroulik. (2) *Beweeglikheid van karakters*: Nieman en Hugo (2004:8) het bevind dat die vroulike karakters net so baie of selfs meer aktief is as hul manlike eweknieë. “Waar dit meestal om manlike hoofkarakters se innerlike stryd gaan, word die vroulike karakters nou blootgestel aan avontuurlike uitstappies” (Nieman en Hugo 2004:8). (3) *Tradisionele rolle en huwelikstatus*: Uit die navorsing blyk dit dat hoewel beide ouers by die opvoeding van hul kinders betrokke is, die ma 'n duideliker rol, veral ten opsigte van die geestelike welstand van hul kinders, as die pa speel. (4) *Spesifieke voorgeskrewe en duidelik omlynde take vir mans en vroue*: Nieman en Hugo (2004:9) wys daarop dat daar min aandag aan “take in en om die huis” in die boeke wat hulle ontleed het, gegee is. Daar is volgens hulle geen aanduiding dat van die vroulike hoofkarakters betrokke is by huislike take nie. Vroulike newekarakters is egter steeds betrokke by skoonmaakwerk of kosmaak. (5) *Koppeling van beroepe aan geslag*: Alhoewel manlike karakters meestal tradisionele “manlike” beroepe, soos motorhandelaar en polisieman, beoefen het, is van hulle ook topmodelle en verpleërs. In slegs twee van die tekste word huisvroue aangetref. Sommige vroue in die verhale beoefen tradisionele “vroulike” beroepe, soos verpleegster en klerk, maar van hulle is ook landskapsargitekthe en prokureurs (Nieman en Hugo 2004:9–10). (6) *Voorkoms van die karakters*: Die uiterlike voorkoms van sowel



manlike as vroulike karakters geniet aandag in die tekste. Op enkele uitsonderings na is die vroulike hoofkarakters beeldskoon en die manlike hoofkarakters aantreklik en gespierd. (7) *Persoonlikheidseienskappe*: Nieman en Hugo (2004:11) het bevind dat “daar slegs in uitsonderlike gevalle gesuggereer word dat ’n seun dapper, vreesloos en beskermend teenoor die teenoorgestelde geslag moet wees”. Intendeel. Mans se swakhede word beklemtoon. Daarteenoor is “geen bewyse ... gevind ... van giggelrigheid, nuuskierigheid, listigheid of voorspelbaarheid onder vroulike karakters nie. ... Vroulike karakters is trouens dikwels op intellektuele vlak as hulle manlike eweknieë se meerdere uitgebeeld”.

Geldenhuis en Anker (2018:363) gebruik feministiese diskoersontleding om vyf Afrikaanse jeugromans wat tussen 2002 en 2019 gepubliseer is, te ontleed. Die kernbevindinge van Geldenhuis en Anker (2018:363) se navorsing is soos volg: (1) Die vroulike hoofkarakters word as sterk individue uitgebeeld. (2) Die oorbeklemtoning van die uiterlike voorkoms van meisies word bevraagteken. (3) Direkte en indirekte feministiese uitsprake en denke is by van die vrouekarakters geïdentifiseer. (4) Die tradisionele uitbeelding van die patriargale gesin en vrouekarakters word bevraagteken en ondergrawe. (5) Hoewel manlike karakters as sterk en intelligent uitgebeeld word, is dit nooit ten koste van vroue nie. (6) Die ontwikkeling van meisies tot onafhanklike en selfstandige individue word beklemtoon.

Van der Walt en Nieman se studie (Van der Walt en Nieman 2009:156) oor die uitbeelding van die gesin in van Marita van der Vyver se jeugboeke het bevind dat daar ’n duidelike wegbeweging van die uitbeelding van geïdealiseerde patriargale huishoudings, met die pa as die hoof, die ma as die versorger en gehoorsame, onderdanige kinders, na “gebroke, eksentrieke, hersaamgestelde en disfunksionele gesinne” is. Van Coller (2022a:9) skryf dat baie van die jeugboeke wat gedurende die 21ste eeu die lig gesien het, feitlik elke sosiaal-maatskaplike en politieke probleem onder die son aanspreek. Van Coller (2022b:8) skryf voorts: “In die Afrikaanse letterkunde het die Afrikaner klaarblyklik voëlvrý geraak, want in boek ná boek word geskryf oor gesinsgeweld, molestering, verkragting, owerspel, wreedhede, ensovoorts in Afrikaanse gesinne of deur Afrikaners (byvoorbeeld Afrikaanse mans)”.

Die voorafgaande paragrawe gee ’n oorsig van navorsing oor gendertemas in Afrikaanse jeugboeke wat sedert die 1950’s uitgegee is. Dit blyk uit die oorsig dat Afrikaanse jeugboeke wat tot en met die 1970’s gepubliseer is hoofsaaklik oor die lief en leed van Afrikanerseuns wat in ’n geborge, patriargale gesin opgroei, handel. Daaropvolgende navorsingspublikasies wys daarop dat Afrikaanse jeugboeke sedert die 1980’s wegbeweg het van patriargie en die geïdealiseerde gesin. Hedendaagse probleme word nou belig. Die oorbeklemtoning van hedendaagse sosiaal-maatskaplike probleme in veral Afrikaanse gesinne, lei tot ’n skeefgetrekte beeld van die Afrikanerman binne gesinsverband. Uit ’n vergelyking van die opeenvolgende navorsingspublikasies blyk dit dat die uitbeelding van vroulike karakters met verloop van tyd geleidelik in ooreenstemming met dié van hul manlike eweknieë gekom het ten opsigte van onder meer huwelikstatus, rol in die huishouding, beroepstatus en -ambisie, onverskrokkenheid, selfstandigheid en intellek.

### 3. Teoretiese raamwerk

Vir my studie oor gender in die Trompie-boeke dien Connell (1995:77) se teoretisering van manlikheid, gender en mag as teoretiese raamwerk. In onderstaande bespreking van Connell

(1995) se manlikheidsteorie sal onder andere verwys word na Foucault (1976) se invloed op Connell. Connell (1995:77) se manlikheidsteorie bied insig in hoe seuns of mans se optrede, houding en waardes afhang van hul oorheersing van meisies, vroue en vroulikheid of verfyndheid. Hierdie oorheersing is sentraal in wat Connell (1995:77) *hegemoniese manlikheid* (“hegemonic masculinity”) noem. Connell (1995:77) definieer hegemoniese manlikheid as die konfigurasie van genderpraktyke wat die regmatigheid van patriargie beliggaam en die oorheersende plek van mans en die onderhorige plek van vroue verseker of waarborg. Hegemoniese manlikheid gaan volgens Connell (1995:77) egter om meer as net die regverdiging van ongelyke man-vrou-verhoudinge; dit gaan ook oor die ongelyke verhouding tussen verskillende groepe mans. Hier kan onder meer klas, ras, seksuele oriëntering, ouderdom en nasionaliteit ’n rol speel. Hegemoniese manlikheid is dus volgens Connell (1995:77) die wyse waarop (’n spesifieke groep) mans posisies van mag en rykdom bekom of besit en hoe hulle hierdie oorheersing regverdig, in stand hou en uitbou.

Silverman (2012:3) is van mening dat Connell se manlikheidsteorie swaar op Foucault (1976) se siening dat alle identiteite sosiaal gekonstrueer en nie-noodsaaklik is, steun. Connell pas hierdie siening toe op gender. Hy redeneer dat dit wat ’n spesifieke gemeenskap of kultuurgroep as manlik beskou, kan verander omdat die siening oor manlikheid sosiaal gekonstrueer is. Die moontlikheid om te kan verander gee aan mans die geleentheid om aan die sosiale norme van ’n spesifieke gemeenskap oor manlikheid te voldoen. Silverman (2012:3) wys voorts daarop dat Connell (1995) Foucault (1976) se idee van regimes of stelsels van waarheid as vertrekpunt gebruik het ter ondersteuning van sy siening dat sosiaal gekonstrueerde manlike identiteite deur kultuur en tydsgees beïnvloed word. Met verloop van tyd kan ’n spesifieke manlike identiteit die voorkeur- of dominante identiteit word. Individue wat nie aan die sosiale norme van die dominante diskoers in die gemeenskap voldoen nie, word gevolglik as “abnormaal” gebrandmerk.

Hegemoniese manlikheid is volgens Connell (1995:77) sinoniem met die mag wat veral patriargale kultuurgroepe en gemeenskappe aan mans en seuns gee. Mag staan vir Trites (2001:473) sentraal in jeuglektuur. Volgens Trites (2000:46) het lees ’n groot invloed op die vorming van adolessente se identiteit, veral met betrekking tot magsverhoudinge. Dit is om hierdie rede dat jeugverhale volgens Trites (2000:46) dikwels ’n magstryd insluit. Hierdie magstryd kan ’n stryd tussen die skrywer en die leser, of tussen die karakters en instellings “van mag” soos die ouerhuis, die skool en die owerheid wees (Geldenhuis en Anker 2018:355). Trites (2001:473) onderskryf Foucault (1978:93) se standpunt dat mag beide bemagtigend en beperkend kan wees, omdat dit altyd teenwoordig is.

Mayeza en Bhana (2021:3) wys daarop dat hegemoniese mans of seuns ’n wye verskeidenheid strategieë gebruik om hul belange en magsposisie oor vroue, meisies en vroulikheid of verfyndheid, asook seuns en mans wat nie aan hul kriteria van “manlikheid” of die oorheersende kultuur- of rasgroep voldoen nie, uit te bou en te beskerm. In haar bespreking van Connell (1995) se manlikheidsteorie gee Bortolin (2010:204) voorbeelde van hoe hegemoniese mans of seuns verskuilde en selfs openlike geweld gebruik om hul mag oor seuns en meisies onderskeidelik te normaliseer. Die volgende twee voorbeelde is voldoende: Seuns se afknouery van meisies op die skoolterrein, neerhalende opmerkings en skending van meisies se persoonlike ruimte – en om dit daarna af te maak as pret – is wyses waarop seuns hul mag oor meisies herbevestig. Seuns wat aan ’n gestoei, boeligedrag en hardhandige speletjies op die skoolterrein deelneem, vestig weer hul mag oor ander seuns.

In my artikel word daar onder meer gefokus op hoe Trompie en van die ander karakters (mans en seuns) se optrede as korrek, aanvaarbaar, alledaags en normaal in 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap gebed in patriargale tradisie (vgl. Coetzee 2001:300) voorgehou word. Gestereo-tipeerde meisies en vroue, waaronder onderwyseresse, tantes van die gemeenskap en Trompie se ma, asook verfynde seuns, word as teenpool vir die heldhaftige, sportiewe en gewilde leier van die Boksombende en manlike gemeenskapsleiers gestel.

## 4. Navorsingsmetodologie

### 4.1 Navorsingsbenadering

Ek het 'n interpretatiewe kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg. Sentraal tot interpretatiewe navorsing is die idee van *Verstehen* of *verstaan*. Volgens Bhattacharya (2012:467) is begrip of verstaan en vertolking met mekaar verbind. Alle kwalitatiewe navorsing is op 'n sekere vlak interpretatief of vertolkend omdat navorsers na begrip, en dus vertolking, strew (Bhattacharya 2012:467). Dit gaan by interpretatiewe navorsing oor meer as die blote insameling van data. Die wyse waarop die data beoordeel, gerekonstrueer en georganiseer word, verander die data. Die bevindinge is daarom soveel meer as die blote beskrywing of weergee van die data (Henning, Van Rensburg en Smit 2011:103). Die doel van hierdie artikel is dus nie net om te beskryf hoe Topsy Smith gender in die Trompie-boeke uitgebeeld het nie, maar ook om te verstaan hoe hegemoniese manlikheid in die verhale neerslag gevind het.

### 4.2 Data

Vier-en-twintig van die aanvanklike 25 Trompie-boeke is gedurende die jare 2013 tot 2020 in agt omnibusse versamel (WorldCat. s.j.[a]). Dié agt omnibusse, wat vrylik in die handel beskikbaar is, dien as data vir hierdie studie. Merriam (2009:143) skryf dat naas amptelike en persoonlike dokumente, die mens dokumente skep wat ten doel het om die gemeenskap in te lig, te vermaak en/of te beïnvloed. Hierdie dokumente is gewoonlik geredelik beskikbaar vir navorsers, asook Jan en San Publiek. Dit sluit onder andere televisie- en radioprogramme, koerantberigte, strokiesprente, die internet en literêre werke in. Hierdie dokumente, wat nie deur die toedoen van die navorser tot stand gekom het nie, kan volgens Merriam (2009:143) as navorsingsdata gebruik word. Die besonderhede van die omnibusse wat as data vir hierdie studie gebruik is, word in Tabel 1 opgesom. Die datum langs die spesifieke omnibus dui op die verskyningsdatum van die spesifieke druk wat as data gebruik is. Die datums langs die titels van die 24 Trompie-boeke is die datum waarop die spesifieke boek die eerste keer uitgegee is.

**Tabel 1. Die Trompie-omnibusse**

<b>Smith 2020a: Omnibus 1</b>		Bladsye
Omnibus 1.1	<i>Trompie</i> (1950)	9–134
Omnibus 1.2	<i>Trompie die stouterd</i> (aanvanklik uitgegee as <i>Trompie die onnut</i> ) (1950)	135–260
Omnibus 1.3	<i>Trompie die soet seun</i> (1951)	261–400
<b>Smith 2020b: Omnibus 2</b>		
Omnibus 2.1	<i>Trompie die hoërskoolseun</i> (1951)	9–142
Omnibus 2.2	<i>Trompie die dromer</i> (1952)	143–262

Omnibus 2.3	<i>Trompie die speurder</i> (1952)	263–382
<b>Smith 2020c: Omnibus 3</b>		
Omnibus 3.1	<i>Trompie die kragman</i> (aanvanklik uitgegee as <i>Trompie die sterk seun</i> ) (1952)	9–134
Omnibus 3.2	<i>Trompie die hartedief</i> (aanvanklik uitgegee as <i>Trompie die groot minnaar</i> ) (1952)	135–260
Omnibus 3.3	<i>Trompie die held</i> (1952)	261–383
<b>Smith 2021: Omnibus 4</b>		
Omnibus 4.1	<i>Trompie die mooi seun</i> (1952)	9–140
Omnibus 4.2	<i>Trompie die leier</i> (aanvanklik uitgegee as <i>Trompie die prefek</i> ) (1952)	141–280
Omnibus 4.3	<i>Trompie die rugbyreus</i> (1952)	281–409
<b>Smith 2020d: Omnibus 5</b>		
Omnibus 5.1	<i>Trompie die vegter</i> (1955)	9–112
Omnibus 5.2	<i>Trompie die krieketspeler</i> (1955)	113–214
Omnibus 5.3	<i>Trompie die filmster</i> (1955)	215–317
<b>Smith 2017: Omnibus 6</b>		
Omnibus 6.1	<i>Trompie die sakeman</i> (1956)	9–112
Omnibus 6.2	<i>Trompie die rebel</i> (1956)	113–230
Omnibus 6.3	<i>Trompie die waaghals</i> (1956)	231–347
<b>Smith 2018: Omnibus 7</b>		
Omnibus 7.1	<i>Trompie die sportman</i> (1956)	9–124
Omnibus 7.2	<i>Trompie die hanswors</i> (1956)	125–240
Omnibus 7.3	<i>Trompie die reisiger</i> (1956)	241–355
<b>Smith 2020e: Omnibus 8</b>		
Omnibus 8.1	<i>Trompie die kaptein</i> (1956)	9–126
Omnibus 8.2	<i>Trompie die alleenloper</i> (aanvanklik uitgegee as <i>Trompie die meisiehater</i> ) (1957)	127–234
Omnibus 8.3	<i>Trompie die atleet</i> (1956)	235–346

Die 24 Trompie-boeke, saamgevat in agt omnibusse, wat as data vir hierdie studie gebruik is, vertel van die lief en leed van die inwoners, in die besonder Trompie en sy medebendelede, van die fiktiewe dorpie Kwaggaberg, ongeveer 30 kilometer van Johannesburg. In *Trompie*, die eerste boek in die reeks, maak ons kennis met die elfjarige Trompie, die grootkaptein van die Boksombende, en sy vriende, Rooie, Blikkies en Dawie. In die daaropvolgende boeke vertel die skrywer, Topsy Smith, van Trompie en sy vriende se avonture, ideale, suksesse en mislukkings op die sportveld en die verhoog, op akademiese gebied en in hul verhoudings met hul ouers, onderwysers, lede van die gemeenskap, medeleerders, besoekers aan Kwaggaberg en meisies oor 'n tydperk van ses jaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat die doel van hierdie studie nóg literêre kritiek nóg kritiek op die pogings van die uitgewers om die boeke te moderniseer, is (verwys bv. na die Springbok-rugbyspanne wat die 1995- en 2007-Rugbywêreldbeker gewen het, Jeugdagvieringe [sedert 1999] en die maanlanding [1969]).

### 4.3 Dataontleding

Kwalitatiewe inhoudsontleding is as dataontledingsmetode gebruik om gendertemas in die data (Trompie-boeke) uit te wys. Hierdie metode was ideaal vir die studie omdat dit nie net metodies is nie, maar my ook in staat gestel het om die groot hoeveelheid data tot my beskikking (24 Trompie-boeke) te verminder. Voorts het die metode my gedwing om op voorafbepaalde inhoud, naamlik dit wat direk met die navorsingsvraag te doen het, te konsentreer (vgl. Nieuwenhuis 2007:101). Henning e.a. (2011:104–11) se riglyne vir kwalitatiewe dataontleding is gevolg. 'n Oop koderingstelsel is gebruik. Aanvanklik het ek die agt omnibusse (data) vinnig deurgelees. Met verloop van tyd het ek vertrouwd geraak met die skrywer se skryfstyl en herhalings wat soos 'n refrein in byna al 24 boeke teenwoordig is (bv. Trompie se ma se liefde vir hom, Trompie se selfbewondering en Rooie wat nie skoene dra nie). Daarna het ek die boeke deeglik bestudeer, woorde, frases en selfs paragrawe onderstreep en kantaantekeninge gemaak. My vertrouwdheid met die inhoud van die boeke, asook insigte bekom tydens my literatuurstudie, het my in staat gestel om van die oop na 'n meer gestruktureerde koderingsraamwerk te beweeg. Ek het kodes aan woorde, sinne en paragrawe wat 'n openlike of verskuilde genderboodschap of -betekenis aan die leser oordra, toegeken. Daarna het ek verbandhoudende kodes gekategoriseer en tematies georganiseer. Twee algemene temas is geïdentifiseer: Topsy Smith se uitbeelding van seuns en mans en sy uitbeelding van vroue en meisies. 'n Derde verbandhoudende tema, die patriargale huisgesin, is ook geïdentifiseer.

### 4.4 Geloofwaardigheid van die studie

Die geloofwaardigheid van interpretatiewe studies word dikwels bevraagteken omdat daar nie feite nie, maar slegs interpretasies, in interpretatiewe navorsing bestaan (Bhattacharya 2012:467). Om die geloofwaardigheid van die ondersoek te verhoog, is gepoog om aan die volgende betroubaarheidstrategieë, wat deur Nieuwenhuis (2007:113–4) en Buzzanell (2018:796) aanbeveel word, te voldoen:

- Openbaarmaking van die navorser se vooroordele: Dit is derhalwe belangrik dat ek my afkeer van geslagsgeweld en -diskriminasie, asook rassisme, onomwonde stel.
- 'n Beskrywing van die navorsingsmetode in besonderhede sal dit vir kritici moontlik maak om leemtes in my navorsing bloot te lê en ander navorsers in staat stel om soortgelyke studies te onderneem. Die volgende is enkele gewilde Afrikaanse jeugboekreekse waaraan aandag geskenk kan word: Bettie Naudé se *Saartjie* (1993)-, Cor Dirks se *Uile-* (1992) en *Otters-* (2010), asook Nerine Ahlers (2019) se *Rietrotte-*, Carina Diedericks-Hugo (2011) se *Thomas@-* en Maritha Snyman (2018) se *Reënboogrant*-reeks.
- Weerhouding van veralgemenings: Kwalitatiewe navorsing het nie ten doel om algemene waarhede bloot te lê nie. Hierdie studie het die soeklig op sekere boeke van slegs een Afrikaanse skrywer uit die vorige eeu laat val.
- Versigtig gekose aanhalings: Aanhalings speel 'n belangrike rol in die interpretasie van data. Ek het gevolglik gepoog om aanhalings binne verband te plaas en nie meer in aanhalings te lees as wat daarin staan nie.
- Vergelyk bevindinge van huidige studie met soortgelyke, vroeëre studies.
- Betroubaarheid en toeganklikheid van die data: Die agt omnibusse wat as data vir hierdie studie gebruik is, is vrylik in die handel en in die meeste biblioteke beskikbaar. Die

inligting vervat in Tabel 1 is gebruik om na 'n spesifieke Trompie-boek in 'n spesifieke omnibus te verwys. Die teksverwysing “Omnibus 6.1, 2017:19” verwys byvoorbeeld na die eerste Trompie-boek wat deel vorm van Omnibus 6 (*Trompie die sakeman*, wat oorspronklik in 1956 verskyn het). Die bladsynommer (19) verwys na die bladsy in die spesifieke omnibus. Die omnibus, wat as data gebruik is, is in 2017 gepubliseer.

## 5. Navorsingsbevindings en bespreking: Gendertemas in die Trompie-boeke

### 5.1 Tema 1: *Topsy Smith se uitbeelding van seuns en mans in die Trompie-boeke*

#### 5.1.1 Tema 1.1: *Trompie as versinnebeelding van die alfa-man*

Kaufman (2015:1) definieer alfa-mans as diegene bo-aan die sosiale rangorde. Hierdie mans het op die oog af groter toegang tot mag, geld en lede van die teenoorgestelde geslag as ander mans (“beta-mans”). Hierdie toegang verkry hulle onder andere deur fisieke krag, intimidasie en oorheersing. Volgens Kaufman (2015:1) word alfa-mans dikwels as “regte” of “ware” mans beskryf. Uit onderstaande bespreking (temas 1.1.1 tot 1.1.6) sal dit onder andere blyk dat Trompie geweld en intimidasie gebruik het om sy magposisie oor sy medelede van die Boksombende en ander seuns te vestig en in stand te hou.

##### 5.1.1.1 Tema 1.1.1: Trompie, die leier van die Boksombende

Hegemoniese manlikheid gaan oor veel meer as die oorheersing van vroue deur mans; dit behels ook mans se oorheersing oor ander mans. Sodanige oorheersing is nie net die oorheersing van feministiese of verfynde mans deur chauvinistiese, oorheersende alfa-mans nie, maar ook die stryd tussen mans of seuns om die septer te swaai. Die verhouding tussen Trompie en sy medebendelede is tekenend van die stryd om die leierskapposisie.

In die eerste hoofstuk van die eerste Trompie-boek word Trompie aan die lesers voorgestel as 'n elfjarige baasspelerige graad 7-kind wat glo dat sy medebendelede hom slaafs moet navolg – hy wonder waarom lede van sy bende “deesdae so opstandig is ... net verlede week moes hy Rooie met 'n taai klap stilmaak. Selfs klein Dawie wat hom altyd blindelings gevolg het, begin teëpraat en dit lyk vir hom Blikkies wil-wil ook astant word” (Omnibus 1.1, 2020:15). Daar is altyd spanning tussen Trompie en die ander lede van die bende aan die begin van hul vergaderings omdat Trompie sy gesag as kaptein wil herbevestig (Omnibus 6.1, 2017:19; Omnibus 7.2, 2018:174; Omnibus 5.2, 2020:196; Omnibus 8.1, 2020:17). In 'n brief waarin hy die ander lede van die Boksombende kennis gee van 'n vergadering, skryf hy byvoorbeeld: “Sorg dat julle almal daar is. ... En die een wat nie daar is nie – wel, hy sal nie net my vuus ruik nie” (Omnibus 7.2, 2018:170). Trompie se baasspelerige houding teenoor die lede van die bende blyk ook uit 'n nota waarin hy 'n vergadering belê. Hy beskryf homself in hierdie nota as “julle groot leier ... die leier wat julle blindelings moet volg. Dié wat nie wil nie staan eenkant! Ek sal met julle afreken!” (Omnibus 1.1, 2020:64).

Dit is vir Trompie 'n gegewe dat hy blindelings deur sy bendelede gevolg sal word, want “[a]lmal weet tog hy is die sterkste en die beste. Elke keer wat hulle in die moeilikheid is, red hy hulle ... En boonop klim hy die beste boom, gaps die meeste vrugte uit die Griekse oom Stavrinus se boord en spoeg verreweg die verste” (Omnibus 1.1, 2020:15–6; vgl. Omnibus 1.2,

2020:153 en Omnibus 1.3, 2020:271 vir soortgelyke uitsprake deur Trompie). Trompie verwys na die bendelede as sy “manskappe” (Omnibus 1.1, 2020:20). Hy dring daarop aan dat sy “manskappe ... hom as kaptein moet aanspreek wanneer dit ’n amptelike vergadering is” (Omnibus 6.1, 2017:19). Indien van die lede dit sou waag om Trompie tydens een van hul “amptelike” vergaderings op sy naam te noem, word die skuldige dadelik oor die kole gehaal met ’n “ek is nie jou Trompie nie, verstaan?”, waarop die skuldige reageer met onder meer “[j]a, Kaptein” (Dawie) (Omnibus 1.1, 2020:66) en “[o]rraait dan – Kaptein” (Blikkies) (Omnibus 1.2, 2020:141). Trompie duld ook nie dat een van die lede van die Boksombende hom in die rede val tydens “amptelike” vergaderings nie (Omnibus 1.2, 2020:141). Tydens een so ’n vergadering “gluur” Trompie hulle aan en beveel hulle: “Hou nou julle smoele!” (Omnibus 1.2, 2020:153).

#### 5.1.1.2 Tema 1.1.2: Oordrewe positiewe selfbeeld

Trompie het ’n oordrewe positiewe selfbeeld – “Ja-nee, boks kan hy goed. ... hy is beslis ook ’n uithalerdanser. En sing kan hy definitief ook. ... Hy is boonop ook ’n beeld van ’n man. As hy net sy pinkie lig, sal al die meisies agter hom aanhardloop. Hy weet hulle sal” (Omnibus 1.1, 2020:125). Sy gedagtegang is vermeng met dié van die skrywer wat melding maak van Trompie se “lomp danspassies” en vals gesingery in die sangklas (Omnibus 1.1, 2020:125). Volgens die verteller lewe Trompie “in ’n fantasiewêreld van sy eie” (Omnibus 2.3, 2020:280). Hy sien homself byvoorbeeld as ’n “beroemde speurder” wat die vlaag van fietsdiefstalle op Kwaggaberg, wat “die polisie so dronkslaan”, sal oplos (Omnibus 2.3, 2020:280). Trompie se verbeeldingsvlugte ken geen perke nie – hy gaan onder meer ’n beroemde skrywer (Omnibus 2.3, 2020:282), ruimtereisiger (Omnibus 5.1, 2020:15) en “die wêreld se beste vlieënier” word (Omnibus 8.3, 2020:243). Hy sien homself ook as Die Skim, “miskien nie dieselfde groot Skim nie, maar ’n kleiner een met sterk spiere. ... Hy sien in sy verbeelding hoe hy deur die hemelruim vlieg” (Omnibus 8.3, 2020:268). Toe Trompie as lid van die leerlingraad verkies word, is dit net nog water op sy meul van selfbewondering. Daar is ’n “veraf blik in sy oë” toe hy selfvolstaan tot die volgende gevolgtrekking kom: “Hy gaan van nou af bekend staan as Trompie die leerderraadslid. Of sommer net: Trompie die leier” (Omnibus 4.2, 2021:173). Volgens Trompie is hy nou nie “sommer net ’n gewone ou nie. Hy is ’n gebore leier!” (Omnibus 4.2, 2021:175). Hierdie siening word deur die verteller herhaal: “Hy is ’n uitmuntende leerderraadslid” (Omnibus 4.2, 2021:247).

Nie al Trompie se dagdrome is van alle waarheid ontbloot nie – hy is ’n uitstekende sportman, is gewild onder die meisies, toon goeie speurvernuf en is, volgens die verteller, ’n goeie leerderraadslid. Die stem van die alomteenwoordige verteller dien egter as korrektief vir sekere van Trompie se verbeeldingsvlugte: Trompie is byvoorbeeld nie ’n begaafde voorsanger of ’n uitstekende danser nie. Hy sing vals en is onbeholpe en lomp op die dansbaan (Omnibus 1.1, 2020:125).

#### 5.1.1.3 Tema 1.1.3: Voorkoms

Trompie se positiewe selfbeeld (tema 1.1.2) vind ook neerslag in sy beoordeling van sy voorkoms. In verskeie van die Trompie-boeke word melding gemaak van die feit dat Trompie dink hy is besonder aantreklik – “Hy knipoog vir homself in die spieël. Ja-nee, hy is ’n baie aantreklike ou” (Omnibus 5.3, 2020:232; vgl. ook Omnibus 8.3, 2020:286). Hierdie positiewe selfevaluering stem egter nie ooreen met die sienings van onder meer sy ma, Katrien, Rosa en die vroue van die gemeente nie (vgl. ook tema 2.2).

In al die boeke in die reeks word Trompie as slordig beskryf. In *Trompie die stouterd* kyk die leser na hom deur die oë van sy ma en sien 'n sproetgesigseun met ongekamde hare. Sy hemp hang altyd by sy broek uit, sy kouse lê op sy skoene en sy skoene se punte is ingedui (Omnibus 1.2, 2020:147). Aan die begin van sy hoërskoolloopbaan het sy voorkoms nie veel verander nie (vgl. Omnibus 2.1, 2020:14). Sy slordige voorkoms word teenoor dié van ander seuns, onder meer die “skoon en netjiese” Pieter, gestel (Omnibus 1.2, 2020:146). Trompie kan nie glo dat Katrien reken Ben ou Pen is aantrekliker as hy nie. Katrien huiwer nie om Trompie te antwoord toe hy wil weet waarom sy so sê nie: “Jou neus is te plat, jou ore is te groot, jou hare is te lank en daar is te veel sproete op jou gesig” (Omnibus 6.2, 2017:153). Trompie is “kwaad en teleurgesteld [dat] Katrien dink 'n onooglike ou soos Ben is aantrekliker as die Boksombende se Grootkaptein” (Omnibus 6.2, 2017:153). Die vooraanstaande dames van die gemeente, waaronder die predikantsvrou, “kyk afkeurend na die slordige seun ... die ongekamde boskasie, die hemp wat by die broek uithang en die kouse wat op die skoene lê” (Omnibus 6.2, 2017:163).

Slegs toe Hanno Breedt in Trompie se graad 10-jaar by Kwaggabergskool inskryf, begin Trompie oor sy voorkoms twyfel: “Voor Trompie die aand gaan slaap, trek hy eers sy atletiekbroeke aan en staan en bekijk homself voor die spieël. ... Hy is nie baie tevrede met wat hy sien nie. Hy lyk maar klein en uitgeteer” (Omnibus 8.3, 2020:285).

Die voorblad van 'n boek het nie net bemerkingswaardige nie, dit hoort ook vir die leser of potensiële leser 'n blik op waaroor die boek handel en/of wie die hoofkarakter(s) is, te gee. Op slegs een van die agt omnibusse (Omnibus 4, 2021) se voorblad is daar 'n foto van die gesig van 'n jong seun. Dit lyk asof die seun, wat skynbaar gereed maak om te boks, 'n effense glimlag om sy mondhoeke het. Op die ander sewe voorblaaie pryk foto's van die bolyf en/of onderlyf en bene van 'n goedgeboude seun in onder andere krieket- en rugbydrag. Die voorblaaie van hierdie omnibusse laat weinig twyfel by die potensiële lesers dat hulle kennis gaan maak met 'n selfversekerde, goedgeboude en sportiewe seun. Uit 'n rekenaarsoektog op *WorldCat.org* (WorldCat s.j.[a]; WorldCat s.j.[b]; WorldCat s.j.[c]), blyk dit dat die Trompie-figuur wat op die voorblaaie van vroeë uitgawes van die Trompie-boeke verskyn het, 'n skraal, atleties geboude seun met 'n oormaat selfvertroue is. Dit wil dus voorkom asof die voorblaaie van die Trompie-boeke deur al die jare dieselfde boodskap aan lesers en potensiële lesers oorgedra het: Trompie is die versinnebeelding van die alfa-man.

#### 5.1.1.4 Tema 1.1.4: Die intellektuele vermoëns van die alfa-seun, Trompie

Die skrywer skryf tong in die kies oor Trompie se intellektuele vermoëns en sy oormaat selfvertroue in sy eie intellek. Hy verloor byvoorbeeld gou belangstelling gedurende klasse en dagdroom oor sy prestasies of toekomstige prestasies. Indien hy uitgevang word, probeer hy om die omstandighede te beredder deur voor te gee dat hy weet waarvan die onderwyser gepraat het. Toe die geskiedenisonderwyser byvoorbeeld vir hom vra waaroor die les handel, staar Trompie “peinsend” voor hom uit en sê die antwoord is “op die punt van my tong, Meneer” (Omnibus 1.3, 2020:269). Wiskunde is volgens die verteller “een van Trompie se swak vakke. Hoewel sy punte in die laerskool altyd beroerd was, meen Trompie nogtans hy is slim met ‘somme en sulke klas goeters’”. Gevolglik sit en dagdroom hy omdat hy reken hy “kan dit baie vinniger as die res van die klas doen” (Omnibus 2.1, 2020:71). Sy ongeërgde houding teenoor skoolwerk en sy vertroue in sy eie intellek word treffend beskryf in sy voorbereiding vir die finale graad 8- (vgl. Omnibus 2.3, 2020:273) en graad 10-eksamen (vgl. Omnibus 5.1, 2020:21). Sy misplaaste selfvertroue word deur die skrywer aan die kaak gestel



deur die draak met Trompie se swak Engels te steek. Wanneer die Engelse onderwyseres by geleentheid vir hom vra wat skort, antwoord hy haar: “Nuttink really important, Miss” (Omnibus 5.3, 2020:229). Hy sê wel vir die onderwyseres dat hy “plenty trôbels” het (Omnibus 5.3, 2020:230). Volgens die verteller hou Trompie daarvan om Engels te praat, want “hy glo hy gooi Engels sommer propperlies” (Omnibus 5.3, 2020:230). Trompie se Engels kom krom en skeef uit – tot groot vermaak van sy klasmaats. Hy het egter geen insig in die feit dat hulle vir sy swak Engels lag en nie vir wat hy as pittige kwinkslae beskou nie (Omnibus 2.1, 2020:65; Omnibus 2.3, 2020:276).

Trompie staan vyftiende uit 31 leerders aan die einde van sy graad 8-jaar. Hy is in sy skik met die eerste sin wat sy klasonderwyser op sy rapport geskryf het: “Trompie is ’n skrande leerder”. Hy wys die sin vir almal in die klas wat wil kyk, maar hou sy hand oor die laaste twee sinne onder aan sy rapport: “As gevolg van sy woeligheid in die klas, sy onoplettendheid en sy laksheid behaal hy slegs die 15de klasposisie” (Omnibus 2.3, 2020:350). Dapperheid, gewildheid en prestasies op die sportveld is van meer waarde vir die alfa-seun as akademiese prestasie. Dit beteken egter nie dat die alfa-seun as dom uitgebeeld word nie; “hy was heel intelligent” (Omnibus 8.3, 2020:312). Jeuglektuur wat na die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party verskyn het, het Afrikanermans nie net as boere en jagters uitgebeeld nie, maar ook as regsgeleerdes, bankbestuurders, mediese dokters en skrywers (vgl. Bester en De Villiers 1992:178). Die Afrikanerseuns van die 1950’s is dus as die leiers van die toekoms voorgehou (vgl. tema 1.1.2).

#### 5.1.1.5 Tema 1.1.5: Strewende na gewildheid

Nie net glo Trompie hy is die beste nie (tema 1.1.2), maar hy wil ook die gewildste onder sy medeleerders en volwassenes wees. Ten spyte van sy egosentriese houding is Trompie gewild onder sy medeleerders: “Trompie is deesdae sommer ’n groot kokkedoor onder die graadagtseuns by die hoërskool. Daar is altyd ’n groep wat met hom wil gesels of saam met hom, Rooie, Blikkies en Dawie wil speel” (Omnibus 2.1, 2020:83). Na Trompie se wedervaringe met die fietsdiewe besluit hy om die volgende dag skool toe te gaan, hoewel sy ouers gesê het hy kan tuis bly. “By die skool sal almal na hul asem snak wanneer hulle die verband om sy kop sien. Hy sal sy storie vandag baie keer moet herhaal” (Omnibus 2.3, 2020:317). Nadat die skoolhoof by geleentheid die leerders ingelig het dat die gerugte dat Trompie skuldig was aan diefstal van alle waarheid ontbloot was, is “Trompie gewilder as ooit by die skool [en] die graadagts kyk met heldeverering in hulle oë na hom” (Omnibus 4.2, 2021:247).

Dit blyk uit die data dat buitelanders, hetsy nuwe intrekkers of seuns wat ’n skoolvakansie op Kwaggaberg vertoef, ’n bedreiging vir Trompie se gewildheid inhou (vgl. Omnibus 1.2, 2020:141). Trompie is bang hy sal “sy posisie as die Kwaggabergers se held” verloor toe die begaafde Hanno Breedts as leerder by die skool inskryf (Omnibus 8.3, 2020:283). Trompie is duidelik jaloers op Hanno: “Hy wens hy het sy hare ook vanoggend netjies gekam en sy vingers nie net vinnig deur sy boskaskie getrek voor hy sy pet windmakerig skeef op sy kop gesit het nie” (Omnibus 8.3, 2020:299).

#### 5.1.1.6 Tema 1.1.6: Die “ideale” seun

In twee van die Trompie-boeke, naamlik *Trompie die leier* en *Trompie die reisiger*, kry die leser ’n blik op wat in die 1950’s as die “ideale” seun voorgehou is. In ’n hoofstuk met die titel *Die hoop van die toekoms* (Omnibus 4.3, 2021:402) word Trompie deur een van die

organiseerders van Jeugdagfeesvieringe gevra om saam met ander jongmense op 'n sierwa deur Kwaggaberg se strate te ry. Terwyl Trompie homself in 'n spieël bewonder, dink hy terug aan hoe die vroue gepraat het “van die optimistiese kyk in sy oë, sy kompakte figuur en sy waterpas skouers as hy regop staan” (Omnibus 4.3, 2021:402). Die oggend ry hy deur die strate op 'n vlot met 'n groot landsvlag en baniere waarop “Die Hoop van die Toekoms” staan (Omnibus 4.3, 2021:402) en die aand verskyn hy op die verhoog tydens 'n konsert waar 'n man 'n gedig oor “die jeug wat die hoop van môre is” voordra (Omnibus 4.3, 2021:405). Hierdie hoofstuk is 'n vermenging van Afrikanernasionalisme tydens die apartheidsera (Trompie sê vir sy medebendelede: “My volk het my nodig!” [Omnibus 4.3, 2021:285] en dra 'n veelkleurige onderbaadjie en 'n groot rooi sakdoek om sy nek wat herinner aan Voortrekkerdrag) en 'n post-apartheidsvakansiedag (Jeugdag) (Omnibus 4.3, 2021:402).

Trompie neem deel aan en wen 'n kompetisie wat deur Kaapstad se Toerismeraad en 'n koejawelfabriek geborg word. Die borge soek na “die tipiese Suid-Afrikaanse seun” tussen die ouderdomme van dertien en sestien jaar (Omnibus 7.3, 2018:247). Aanvanklik wil hy nie deelneem nie. Hy vra homself af: “Hoe lyk 'n tipiese Afrikaanse seun? Hy is mos maar so gemaak en so gelaat staan” (Omnibus 7.3, 2018:276). Die beoordelaars van die koejawel-kompetisie nader die plaaslike predikant om meer oor Trompie uit te vind. Die predikant beskryf Trompie soos volg: “... 'n tipiese Suid-Afrikaanse seun, vol lewenslus en streke, maar eerlik en opreg. Hy beland wel dikwels in die moeilikheid, maar dit is nooit ernstige moeilikheid nie. Trompie is 'n seun uit een stuk” (Omnibus 7.3, 2018:323).

Smith se 1950's-uitbeelding van Trompie, die alfa-seun (temas 1.1.1–6), stem ooreen met die stereotipiese uitbeelding van mans en seuns deur vele Amerikaanse jeugboekskrywers (vgl. 2.1, in die besonder navorsingsbevindinge deur Williams e.a. 1987:152; Turner-Bowker 1996:463; Diekman en Muren 2004:376; Taber en Woloshyn 2011:230–39). Smith se uitbeelding van Trompie as die alfa-seun stem voorts grootliks ooreen met ander Afrikaanse jeugboekskrywers se uitbeelding van seunskarakters (vgl. 2.2, in die besonder navorsingsbevindinge deur De Villiers en Bester 1992:178; Nieman en Hugo 2004:1–14; Geldenhuys en Anker 2018:362). Seunskarakters in baie van die jeugboeke is intelligente, dapper, heroïese leiers wat opwindende avonture beleef en meisies en diere red. Hulle is onafhanklik, mededingend en aggressief, beskik oor 'n positiewe selfbeeld en baie selfvertroue, kan hulleself in moeilike omstandighede laat geld en streef na beroepe wat aansien en verdere opleiding vereis. Voorts is hulle gewild en geniet hulle aansien onder sowel volwassenes as kinders van beide geslagte.

### 5.1.2 Tema 1.2: *Verfynde of gekultiveerde seuns of mans*

Die Trompie-boeke gaan oor seuns en is hoofsaaklik vir seuns geskryf. Dit is dus verstaanbaar dat die protagonis nie net vroue en meisies (vgl. temas 2) nie, maar ook seuns, in die besonder diegene wat nie aan die kriteria van manlikheid voldoen nie (vgl. tema 1.1.6 vir 'n beskrywing van die “ideale” seun), afkraak. Die teenpool vir die manlike Trompie is Dawie. Dawie word as “hoogs intelligent” beskryf (Omnibus 8.1, 2020:14). Daar is verwysings na Dawie se “piepstem” (Omnibus 1.2, 2020:205), “piepstemmetjie” (Omnibus 2.1, 2020:50) en sy “skril stemmetjie” waarmee hy “Help! Help!” skree terwyl hy verskrik op 'n verbouereerde donkie, wat op volle vaart hardloop, ry (Omnibus 3.1, 2020:23). Rooie en Trompie is neerhalend teenoor Dawie omdat hy die standpunt huldig dat 'n mens nêrens in die lewe sal kom sonder om te leer nie. Trompie koggel hom: “Mamma se babatjie hou van skool” (Omnibus 2.3, 2020:271). Dawie steur hom egter nie veel aan sy vriende se “belaglike” redenasie dat skool

afgeskaf moet word nie: “Hulle verdien nie sy ernstige aandag nie” (Omnibus 2.3, 2020:271). Volgens Trompie word Dawie “heeltemaal te ernstig met sy skoolwerk en hy het boonop begin om hier by die hoërskool tennis te speel” (Omnibus 2.1, 2020:71; vgl. ook tema 1.6).

Wynand Roux en Hanno Breedt word as gekultiveerde, intelligente seuns uitgebeeld. Hulle het egter voete van klei en is nie in staat om hulleself te laat geld teen die hegemonies manlike leier, Trompie, nie. Wynand Roux word as ’n teenpool van Trompie geskets: “Hy is altyd netjies uitgevat ... hy hou nie van rowwe speletjies soos rugby nie. Hy hou glo van die skone kunste ... Verder is Wynand ook ’n boekwurm” (Omnibus 8.1, 2020:90). Tot groot ontsteltenis van die Boksombende sê Wynand dat hy “rugby as benede ’n opgevoede persoon se waardigheid” beskou (Omnibus 8.1, 2020:97). Hy is altyd “in netjiese klere uitgevat. Sy kouse is tot onder sy knieë opgetrek ... Sy hare blink en is met ’n paadjie aan die een kant gekam. Daar is nie ’n haar op sy kop uit sy plek nie” (Omnibus 8.1, 2020:95). Wynand is ’n doring in Trompie se vlees. Dus konfronteer Trompie vir Wynand oor sy neerhalende opmerkings oor rugby, waarop Wynand in ’n “bewende” stem om verskoning vra toe hy besef dat Trompie nie sal huiwer om geweld teen hom te gebruik nie (Omnibus 8.1, 2020:99). Hoewel Wynand nie ’n belangrike karakter in die Trompie-boeke is nie, beklemtoon die onderonsie tussen hom en Trompie weereens die alfa-man of -seun se oorheersing oor die nie-hegemoniese, verfynde man.

Hanno Breedt is vir Trompie ’n enigma – hy lees graag (selfs pouses), praat suiwer Afrikaans, maar is ook ’n uitstekende atleet en rugbyspeler. Volgens Trompie het “daai ou ... ’n skroef los” (Omnibus 8.3, 2020:301) en is Hanno “besig ... om verkeerde dinge in die Kwaggabergers se koppe te prop” (Omnibus 8.3, 2020:303). Trompie vrees dat sy gewildheid ’n knou gaan kry. “Hy voel half naar op sy maag. Hier begin sy troon al klaar wankel. Selfs Dawie praat nou met heldeverering in sy oë van Hanno” (Omnibus 8.3, 2020:311). Die alomteenwoordige verteller het die volgende oor Hanno en Trompie te sê: “Hanno is besonder gewild in die skool. Hy is ’n boekwurm, maar ook ’n briljante atleet. Trompie is nie juis ’n boekwurm nie – hy lees mos eintlik net strokiesverhale – maar hy is ook heel intelligent en ’n briljante atleet” (Omnibus 8.3, 2020:312). Hanno se optrede tydens die jaarlikse atletiekbyeenkoms by Kwaggaberg Hoërskool word egter negatief geskets: “Die seuns gaap Hanno oopmond aan. Hulle het nog nooit sulke ongelooflike selfvertroue teëgekome nie” (Omnibus 8.3, 2020:323). Blikkies noem hom ’n “windlawaaier” (Omnibus 8.3, 2020:323). Trompie wonder of ’n “ou wat omtrent bars van verwaandheid so ’n goeie atleet kan wees” (Omnibus 8.3, 2020:323). Hoewel Hanno vir Trompie in die verspring gewen het, wen Trompie twee eerste plekke in die naellope en ’n tweede plek in die verspring. Hy ontvang ook die Victor Ludorum-beker. Weereens is Trompie die gewildste en beste: “Almal praat net van hulle dorp se wonderlike atleet wat vir die Kaapse kampioen gewys het waar Dawid die wortels gegrawe het” (Omnibus 8.3, 2020:333). Deur Hanno as ’n held met voete van klei uit te beeld, herbevestig die skrywer die idee dat manlike leiers nie “sissies [is] ... wat musiek as vak doen en oor kuns en sulke goed praat” nie (Omnibus 8.3, 2020:282). Die skrywer beklemtoon dus die ongelyke verhouding tussen die hegemoniese manlike leier (Trompie) en seuns wat nie aan die oorheersende groep behoort nie.

Terwyl die veelsydige Hanno skynbaar voete van klei het, word daar goedkeuring verleen aan Trompie se deelname aan aktiwiteite wat as verfynd beskou kan word. Belangstelling in die uitvoerende kunste word reeds in die eerste Trompie-boek gestel as strydig met Trompie se siening van wat ’n seun mag doen. Tydens ’n oudisie vir ’n skoolkonsert kyk die lede van die Boksombende “met afkeer” na Arnold, wat die hoofrol gekry het (Omnibus 1.1, 2020:106). Dawie wou graag in hierdie toneelstuk speel, maar hy was bang dat Trompie hom sou “kortvat” omdat sodanige deelname sou neerkom op ’n “belediging en ’n vernedering” vir die

Boksombende. Gevolglik neem Dawie nie aan die oudisie deel nie (Omnibus 1.1, 2020:107). Maar wanneer dit Trompie pas en daar geld by betrokke is, is hy betrokke by 'n blommerangskikkingkompetisie (Omnibus 4.2, 2021:249), reël en neem hy deel aan 'n konsert in hul sitkamer (Omnibus 1.2, 2020:241) en vertolk hy die rol van 'n sterwende seun in “die beroemde Sebastiaan Zwiegers se toneelgeselskap ... se hartroerende drama” (Omnibus 3.3, 2020:377). Hierdie deelnames word egter gemotiveer: Die moontlikheid om 'n ekstra geldjie te verdien, en nie 'n belangstelling in onder meer blommerangskikking, wat hy 'n “meisiekindaffêre” noem (Omnibus 4.2, 2021:249), of die skone kunste (Omnibus 1.2, 2020:241; Omnibus 3.3, 2020:377) nie, is die dryfveer.

### 5.1.3 Tema 1.3: *Geweld is die oplossing vir byna alle probleme*

Gewelddadige botsings tussen seuns is 'n belangrike wyse waarop hulle hul oorheersing oor ander seuns vestig en herbevestig (vgl. 3). In byna al die ontlede Trompie-boeke is van die lede van die Boksombende in 'n vuisgeveg met medeleerders, gewoonlik nuweling, betrokke om onder meer vir hierdie nuweling “te leer” wat aanvaarbare gedrag is en wie die toon onder die portuurgroep aangee. Dit beteken egter nie dat die Boksombende die gevegte begin nie. Intendeel, dit wil voorkom asof hulle eers die antagonistiese uitlokkende gedrag en aanmerkings probeer ignoreer, soms in so 'n mate dat die ander bendelede en hul medeleerders die protagoniste as swakkeling beskou. So ignoreer Rooie byvoorbeeld, tot groot ergernis van die ander drie lede van die Boksombende, Barend ('n nuwe leerder) se aanmerkings dat hy 'n “skorriemorrie en 'n skobbejak” is (Omnibus 4.2, 2021:273). Eers ná 'n bendevergadering, waartydens Rooie as 'n bangbroek uitgekryt word, en wanneer Barend dreig om Rooie in die water in te stamp, breek 'n “geveg duisend” uit. Ben ou Pen, 'n nuweling in die skool, maak openlik vir Katrien ogies en gryp elke geleentheid aan om Trompie te tart, in so 'n mate dat selfs Dawie vir hom sê hy is “siek” vir Trompie se vredeliewende houding (Omnibus 6.2, 2017:184) en sy klasmaats skimp dat Trompie “sy mamma se soet seuntjie is” (Omnibus 6.2, 2017:186). Die strooi wat die kameel se rug breek is toe Ben mompel dat die hoof nie vir Trompie oor die padda-insident gestraf het nie “omdat hy natuurlik soos 'n lafaard in die kantoor op sy knieë gegaan en die hoof om genade gesmeek het” (Omnibus 6.2, 2017:189). Toe Trompie hom uitdaag om hom die middag by die fietsrakke te ontmoet, vra Ben “skrikkerig en bleek” om verskoning en herwin Trompie sy aansien onder sy klasmaats (Omnibus 6.2, 2017:194).

Voorgemelde beteken egter nie dat die skrywer die Boksombende as vredeliewende seuns uitbeeld wat geweld ten alle koste probeer vermy en slegs as die laaste uitweg sien as niks anders help nie. In hul daaglikse omgang met mekaar of ander kinders is die lede van die Boksombende bra geniëpsig: “Trompie se groep ... loop mekaar en stamp en pootjie. Die speletjie word al hoe wilder. ... Dit is nou hulle vier teen al die ander ... [hulle] hou hulle hande styf voor hulle vas en loop mekaar dan met die skouer storm ... Twee seuns loop Trompie tegelyk storm en vang hom onkant. Hy ... trek soos 'n vrot vel deur die lug en slaan op die stowwerige grond neer. Trompie kom dadelik weer laggend op die been” (Omnibus 4.2, 2021:159). Die lede van die Boksombende val hul medeleerders ook gereeld met handevol akkers aan wanneer dié dit waag om pouses naby die ou akkerboom waar die bende sit, verby te loop (Omnibus 3.3, 2020:282).

Die vuisgevegte onder die seuns word in besonderhede beskryf. Een voorbeeld is voldoende: “Die twee frisgeboude, sterk seuns staan nou botstil en moker mekaar! Daar is nie iets soos mooi voetwerk en 'n blaaskans nie. Elke hou is raak en elke enkele een maak seer. Dit gaan 'n

geval wees van wie die taaiste is en die langste kan aanhou slaan” (Omnibus 4.2, 2021:278). Daar was selfs ’n erkende manier, bestaande uit twee stappe, onder seuns, ook dié woonagtig in Kwaggaberg, gedurende die 1950’s om mekaar die stryd aan te sê. Die eerste stap is om mekaar tot ’n vuisgeveg uit te daag deur iemand “*kesj* te gee”. Hierdie uitdaging het gewoonlik gepaard gegaan met ’n ligte vuishou op die bolyf of arm (Kritzinger, Pienaar en De Villiers 1927:68). Die tweede stap is om ’n streep in die grond te trek en te sê: “Trap oor daai streep en ek tik jou dik” (Omnibus 8.1, 2020:70).

Dit blyk uit die data dat geweld, oftewel ’n bakleiery tussen van die seuns, die oplossing vir baie probleme is. Gewelddadige optrede het nie net aan Trompie mag óór ander seuns gegee nie, maar het ook áán hom mag verskaf. Foucault (1980:102) se siening dat mag beide positief en negatief kan wees, word deur hierdie studie bevestig. Uit onderstaande voorbeelde blyk dit dat die Kwaggaberggemeenskap moeilik van ongewenste boeliegedrag en diefstal ontslae sou kon raak indien Trompie nie aan homself mag oor ander toegeëien het nie. (1) ’n Leierskapstryd tussen Trompie en Rooie loop uit op ’n woeste vuisgeveg tussen die twee seuns. Trompie “voel trots, [want] hy het Rooie goed op sy plek gesit. Nou kan hulle weer maats wees” (Omnibus 1.1, 2020:103). In die daaropvolgende Trompie-boeke word gereeld na dié vuisgeveg verwys. Rooie “gedra hom mooi nadat Trompie hom laasjaar ’n blouoog gegee het en probeer nie meer oorneem as Kaptein van die Boksombende nie” (Omnibus 1.2, 2020:141). (2) Nadat Trompie vir Freek, ’n boelie, goed afgeransel het, het “die ou sy geboelie heeltemal gelos” (Omnibus 1.3, 2020:397). (3) Nadat Trompie vir Riet, die koshuisboelie, ’n goeie drag slae gegee het, is die strydbyl tussen die Boksombende en Riet en sy koshuisvolgelingte begrawe. Deur geweld met geweld te beantwoord herstel Trompie die magsbalans (Omnibus 2.1, 2020:55). (4) Trompie gee ook vir Barend Brits, ’n boelie wat Asjas, ’n laerskoolseun, se eiendom gesteel het en hom weggestamp het toe dié vir Barend gesmeek het om sy goed terug te gee, ’n goeie drag slae toe dié boonop ontken dat hy van Trompie-hulle se eiendom gesteel het (Omnibus 6.1, 2017:110). Weereens is geweld ’n kitsoplossing, want Barend “sal nou twee keer dink voor hy iemand weer boelie” (Omnibus 6.1, 2017:111). (5) Nadat Trompie vir Jorrie, ’n boelie, in ’n “geveg duisend” gewen het (Omnibus 5.1, 2020:71), blyk dit dat “die loesing hom [Jorrie] sowaar ’n les geleer het. Hy los sy streke om ander af te knou en is baie vriendeliker” (Omnibus 5.1, 2020:79).

#### 5.1.4 Tema 1.4: Lyfstraf

Die Trompie-boeke het die eerste keer gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu verskyn. Oor die meer as 70 jaar wat die Trompie-boeke uitgegee en herdruk en in ’n mate verander is om met veranderende tye tred te hou (vgl. 4.2), het standpunte en wette oor lyfstraf verander (Lenta 2020:185–92). Die doel van hierdie artikel is nie om kritiek oor hierdie vorm van dissiplinerende te lewer nie, maar om lig te werp op seuns se hantering van lyfstraf as ’n teken van hul manlikheid. Uit die lees van die boeke lyk dit asof lyfstraf algemeen in Kwaggaberg se skole voorkom. Die onderwysers dreig die leerders ook gereeld met lyfstraf. “Ek slag julle velle van julle lywe af! Hoor julle my” (Omnibus 5.3, 2020:231) is ’n waarskuwing wat die kinders dikwels hoor.

Seuns wat oortree, word dikwels deur die skoolhoof of onderwyser voor ’n keuse gestel: óf detensie óf lyfstraf (Omnibus 1.2, 2020:172; Omnibus 3.3, 2020:276). Sonder uitsondering verkies die seuns lyfstraf (Omnibus 1.2, 2020:174; Omnibus 2.1, 2020:80; Omnibus 8.1, 2020:112). By geleentheid stel die skoolhoof Trompie en Rooie voor die keuse: lyfstraf of hulle mag vir die eerste twee weke van die rugbyseisoen nie saam met hul span oefen nie. Die twee

seuns kies onmiddellik lyfstraf (Omnibus 6.3, 2017:255). Die wyse waarop 'n seun lyfstraf hanteer, is 'n versinnebeelding van sy manlikheid. Nadat Trompie byvoorbeeld 'n drag slae by die hoof gekry het, kan hy nie wag om te kyk hoe sy “wonde” lyk nie. Hy vertel trots vir twee graad 8-seuns dat hy “vandag vier van die bestes by die hoof gekry” het. Die twee seuns snak na hul asem en wil weet of Trompie gehuil het. Sy antwoord: “Natuurlik nie! ... Dit was seer, maar ek het soos 'n man rotsvas gestaan” (Omnibus 6.3, 2017:271).

Lyfstraf word in fyn besonderhede beskryf: “[Trompie] hoor die houe duidelik – die lat swiepeers deur die lug en dan is daar 'n skerp fluitgeluid soos dit Rooie se agterstewe tref ... Rooie kom uit ... Rooie se oë blink, maar hy huil nie. Trompie stap in. Ou Bles [’n onderwyser] staan en slaan 'n paar houe deur die lug ... ‘Buk!’ Trompie maak so. Hy knyp sy oë styf toe. Ondervinding het hom geleer dit help as jy aan iets anders dink” (Omnibus 3.3, 2020:291). Daar word ook vertel van die swiepgeluid as die skoolhoof die rottang deur die lug swaai om sy arm los te maak sodat hy die seuns “behoorlik kan looi” (Omnibus 6.3, 2017:255).

Nie net die onderwysers nie, maar ook ouers dien lyfstraf toe. Nadat Trompie 'n pak slae by die skool gekry het omdat hy die hoof oor die interkom nagmaak het, besluit hy dat hy liever nie vir sy ouers van sy straf sal vertel nie, want “netnou gee sy pa hom dan sommer ook 'n loesing” (Omnibus 6.3, 2017:269). Toe Trompie sonder sy ouers se toestemming 'n konsert in hul sitkamer hou, is sy pa woedend. “Meneer Toerien stamp Trompie dat hy op 'n stoel neerval. ... Vandag slaan ek jou dat jy vir 'n week nie kan sit nie” (Omnibus 1.2, 2020:241). Trompie se pa slaan hom met 'n leerlyfband (Omnibus 7.3, 2018:264). Uit die beskrywing van Trompie se reaksie op die lyfstraf, is dit duidelik dat dit seer was: “Hard klap die eerste hou en Trompie skree: ‘Eina, Pa! Dit was seer!’ ... Nog 'n hou val en nog een en nóg een!” (Omnibus 1.2, 2020:242). Ook Rooie vrees, nadat die seuns 'n venster met 'n krieketbal gebreek het, dat sy pa sy “velle van [sy] lyf sal aftrek” (Omnibus 5.2, 2020:163).

Lyfstraf is nie die enigste vorm van fisieke dissiplinerings waaraan die seuns blootgestel is nie. Toe Trompie in die Afrikaansklas teken in plaas van sinne neerskryf, wil die onderwyser hom 'n “oorveeg” gee en spring Trompie net betyds weg (Omnibus 5.3, 2020:250). Ou Pottie, die wiskundeonderwyser, laat die leerders wiskunde probleme op die swartbord doen, maar het die “manier om suutjies agter 'n ou te kom staan en jou kop dan skielik hard teen die bord vas te druk as jy sukkel om iets reg te kry” (Omnibus 6.2, 2017:128). Toe die skoolhoof op Trompie en Rooie afkom in die personeelkamer waar hulle gekseer oor die interkom, skuif Rooie agter Trompie in, want hy is bang die hoof “begin klappe uitdeel” (Omnibus 6.3, 2017:249). Meneer Botha, die Afrikaansonderwyser, pluk by geleentheid met sy duim en wysvinger aan Trompie se hare (Omnibus 7.1, 2018:34).

Uit *Trompie die krieketspeler* blyk dit aanvaarbare praktyk te wees dat selfs volwassenes wat nie 'n kind se ouer of versorger of 'n onderwyser is nie, kinders tugtig. Trompie moet byvoorbeeld tuinwerk doen omdat hy een van meneer Moerdyk se dahliablomme geskop het (Omnibus 5.2, 2020:124). Die plaaslike predikant besluit daarteen om die lede van die Boksombende te straf nadat hulle klippe op die kerksaal se dak gegooi het, want hy “besef hulle het dit nie met opset gedoen nie” (Omnibus 5.2, 2020:192). Tydens 'n besoek aan Johannesburg is Trompie en sy medebendelede bang 'n vreemde man sal “miskien begin klappe uitdeel” (Omnibus 7.1, 2018:110). Die lede van die Boksombende is ook versigtig vir die plaaslike sersant en sorg altyd dat hulle “buite trefafstand [is] ... ingeval hy miskien sommer klappe begin uitdeel” (Omnibus 7.2, 2018:205).

Dit blyk uit van die vele beskrywings van hoe die lede van die Boksombende op erge lyfstraf en ander vorms van fisieke dissiplinerende deur hul onderwysers, ouers en selfs lede van die gemeenskap reageer, dat dit 'n belangrike bewys van seuns se manlikheid is. In haar bespreking van Van de Ruit se *Spud*-boeke het Robertson (2010:114) ook bevind dat lyfstraf as sodanig en dit wat daarop volg – vriende se bestudering van die rottangmerke en selfs 'n vergelyking van die verskillende seuns se merke – deel van die kameraderie tussen seuns en 'n bewys van hul manlikheid en krag is. Kwaggaberg se seuns se byna gelate aanvaarding van lyfstraf wys op die belangrike rol wat magstrukture in jeugverhale speel. Magstrukture is alomteenwoordig en kom onder andere tot uiting in die magstryd tussen die adolessent aan die een kant en die skool, ouerhuis, wetstoepassers en gemeenskap aan die ander kant (Trites 2001:473).

### 5.1.5 Tema 1.5: Boeliegedrag

In verskeie van die verhale word aandag aan boeliegedrag geskenk (vgl. ook tema 1.3). In onderstaande bespreking word aandag aan die boeliegedrag van drie seuns – Freek, Wouter en Jorrie – geskenk. Hierdie drie boelies en hul slagoffers word, soos blyk uit onderstaande paragrawe, gestereotipeer. Boelies is gewoonlik nuwelinge wat ouer, groter en sterker as hul slagoffers is. Hulle is skynbaar ook dom, eensaam en teruggetrokke en ly dikwels aan 'n minderwaardigheidskompleks. Voorts is boelies gemeen en put hulle genot daaruit om te lieg en te bedrieg. Daarteenoor word die slagoffers van boelies as tingerig, verskrik en magteloos beskryf (vgl. Olweus 1994:1178–81; Morales, Yubero en Larrañaga 2016:169–73; De Wet, Reyneke en Jacobs 2020:516–7 vir navorsingsbevindings oor die kenmerke van tipiese boelies en hul slagoffers). Uit onderstaande paragrawe kom nie net vele kenmerke van tipiese boelies en hul slagoffers na vore nie, maar ook een van die wesenskenmerke van boeliegedrag, naamlik die wanbalans tussen die boelie en die slagoffer (Olweus 1994:1174). Die slagoffer wat aan herhalende negatiewe optrede deur die boelie onderwerp word, het weinig, indien enige, kans om hom- of haarself teen hierdie negatiewe optrede te verdedig. Hierdie wanbalans tussen die boelie en sy of haar slagoffer is volgens Mayeza en Bhana (2021:2) tekenend van Connell (1995:77) se hegemoniese manlikheidsteorie (vgl. 3): Boelies kan deur negatiewe fisieke, psigiese of mondelinge gedrag hul oorheersing oor hul slagoffers vestig en in stand hou.

Freek, 'n nuweling in Kwaggaberg, word as 'n kenmerkende boelie beskryf. “Hy soek aanhoudend stry en knou die kleiner outjies af ... Hy het Dawie sommer die eerste dag al gestamp dat hy soos 'n vrot vel deur die lug trek” en vir Dawie “onder sy jiss geskop”. Voorts vergader Freek 'n klomp kinders om hom. Die ongeveer twaalf kinders het die lede van die Boksombende met klippe bestook en gedreig om hulle te “foeter” (Omnibus 1.3, 2020:390). Freek word as dom maar sterk beskryf – hy is twee jaar ouer as sy klasmaats en so sterk “soos 'n sterk jong leeu” (Omnibus 1.3, 2020:391). Hy is uitdagend en lok konfrontasie uit. Hy pootjie vir Trompie en erken uitdagend dat hy dit gedoen het. So dwing hy 'n vuigseveg met Trompie af (Omnibus 1.3, 2020:394). Nadat Trompie Freek behoorlik afgeransel het, verander Freek in 'n stil, eensaame en teruggetrokke seun (Omnibus 1.3, 2020:397). Uit 'n vertroulike gesprek tussen die skoolhoof en Trompie, waarin die skoolhoof Trompie vra om Freek onder sy vlerk te neem, blyk dit dat Freek aan 'n minderwaardigheidskompleks ly. Dit is die rede waarom “hy hom eers soos 'n buffel gedra het” (Omnibus 1.3, 2020:398).

Toe Wouter, 'n besoeker uit Johannesburg, met sy aankoms in Kwaggaberg amok op die dorp maak deur sy boeliegedrag, kuier Trompie op 'n plaas wat aan Jan van Dyk, 'n kêrel van Anna, se ouers behoort. Wouter is 'n “tamaai groot kêrel ... van ... amper sewentien”. Hy “maak elke dag amok by die kloofdam ... Hy hiet en gebied almal links en regs, en ouers moet sy bevele

uitvoer of hy gee hulle lelik opdraand ... Hy is so sterk soos 'n leeu en hy is so groot soos ... [Trompie se] pa" (Omnibus 2.3, 2020:374). "Arme Pieter", 'n seun vir wie Trompie swemlesse gegee het, het een middag amper verdrink omdat Wouter hom "aanhoudend gedoop" het. Aanvanklik, toe Trompie se maats hom van die afknouery vertel, wil hy nie betrokke raak nie, "want dit het eintlik niks met ons te doen nie" (Omnibus 2.3, 2020:374). Hierdie distansiering van Trompie van die boeliegedrag is kenmerkend van die toeskouers in die driehoekverhouding (boelie, slagoffer en toeskouers). Eers toe Trompie hoor dat die lede van die Boksombende ook deur Wouter afgeknou word en dat Wouter vir Boesman, Trompie se hond, in die ribbes geskop en met klippe gegooi het, staan Trompie op teen die boelie. Hy is egter nie bestand teen Wouter se vuiste nie. Op die ou einde val hy en die ander lede van die Boksombende Wouter saam aan en "drie gelukskote beëindig die geveg net so vinnig as wat dit begin het" (Omnibus 2.3, 2020:380). Die vier-teen-een-vuisgeveg het tot gevolg dat Wouter "so mak soos 'n lammetjie is" en beloop om sy afknouery te stop (Omnibus 2.3, 2020:81).

Jorrie Jordaan, 'n nuweling uit die Vrystaat, is 'n "groot en fris" boelie. Trompie en Jorrie het onmiddellik 'n weersin in mekaar. Jorrie versprei leuens oor Trompie in 'n poging om dié se aansien onder sy medeleerders te vernietig. Volgens die stories is Trompie "so verlief soos 'n afkop hoender" op Orgina Gous (Omnibus 5.1, 2020:33). Jorrie gaan uit sy pad om Trompie uit te lok – hy blaas Trompie se fiets se bande af en pootjie hom in die gange. Toe dit nie tot konfrontasie lei nie, gee Jorrie vir Dawie 'n opstopper, smeer sy hare vol kougom en blaas sy fiets se bande ook af. Dié optrede is die laaste strooi en Trompie daag Jorrie uit tot 'n geveg (Omnibus 5.1, 2020:70). Ook hierdie "geveg duisend" word deur Trompie gewen en die twee "stap hand om die nek tussen die klomp juigende kinders deur. Almal is bly dinge het só beskaafd ten einde geloop" (Omnibus 5.1, 2020:78).

Uit bovermelde bespreking wil dit voorkom asof daar net een oplossing vir boeliegedrag is: tree gewelddadig teenoor die boelie op. In elke geval van boeliegedrag is daar vrede ná Trompie en sy bendeledede se gewelddadige optrede teen die boelies. Die gewelddadige optrede word selfs as 'n beskaafde oplossing vir boeliegedrag beskou (Omnibus 5.1, 2020:78; vgl. ook tema 1.3). Hoewel boeliegedrag al vir geslagte lank met ons is, is die eerste wetenskaplike navorsing oor hierdie verskynsel en hoe om dit te hanteer eers in 1978, dus byna vier dekades na die verskyning van die Trompie-boeke, gepubliseer (Olweus 1994:1171). Teenswoordig lê teen-boelie-navorsers veral klem op herstellende geregtigheid as teenvoeter vir boeliegedrag (De Wet e.a. 2020:521–35).

### *5.1.6 Tema 1.6: Sport en hegemoniese manlikheid*

Hegemoniese manlikheid, 'n raamwerk wat stereotipiese manlikheidskenmerke beklemtoon, speel 'n belangrike rol in sport, want sport lê klem op kompetisie en daarmee samehangend die wenmotief, asook fisieke krag (Brake 2011:5; English 2017:183). Sport speel volgens Brake (2022:5) nie net 'n rol in die bevestiging van seuns se heteroseksuele identiteit nie, maar bepaal ook die rangorde tussen verskillende seuns of mans op grond van hul fisieke krag en aggressie. Uit onderstaande bespreking van die rol van sport in die Trompie-boeke kom die idee na vore dat wen alles is en dat seuns wat nie daarna strewende om op die sportveld uit te blink en te wen nie of nie aan sogenaamde "manlike" sportsoorte (Sobal en Milgrim 2019:29) deelneem nie, gemarginaliseer en verneder word.

Reeds as laerskoolseun het Trompie 'n heldeverering vir boksers. Op die ouderdom van elf is Trompie vas oortuig daarvan dat hy 'n kampioenbokser sal word. In sy geestesoog sien hy hoe



hy eendag “al sy teenstanders ... in die bokskryt platslaan” (Omnibus 1.1, 2020:60). Toe die geleentheid hom voordoen, neem Trompie boksslesse. Hy woon sy lesse toegewyd by: “Hy was altyd eerste by die saal en die laaste een wat huis toe gaan” (Omnibus 1.2, 2020:193). Boks – eintlik alle sportsoorte – is vir Trompie belangriker as skoolwerk. Hy woon eerder ’n boksklas by as om vir ’n geskiedenisstoets voor te berei (Omnibus 3.3, 2020:281). Trompie word as ’n “woeste bakleier” beskryf (Omnibus 1.2, 2020:193). Om ten alle koste te wen is vir hom belangriker as om die fyner kunsies van die sport aan te leer. Tydens ’n bokstoernooi besluit hy om “soos altyd te boks: om roekeloos aan te val en aanhoudend te slaan” (Omnibus 1.2, 2020:198). Die oorbeklemtoning van mededinging, die wenmotief en die versaking van die estetiese, fyner kunsies van sport is volgens English (2017:184) tekenend van die alfa-man wat ten alle koste in beheer wil wees. Trompie boks nie werklik ter wille van die sport nie; boks gee hom egter vaardighede wat hy kan benut om sy plek as leier onder die Kwaggabergkinders en besoekers te bevestig (vgl. tema 1.3).

As laerskoolseun het Trompie nie veel van rugby gedink nie. Hy “kon nooit verstaan hoekom almal so ’n bohaai oor rugby opskop nie” (Omnibus 2.1, 2020:115). In graad 6 was hy ’n reserwe vir sy span, “maar het nooit eers sy verskyning op die veld gemaak nie” (Omnibus 2.1, 2020:115). In graad 7 het hy tydens ’n wedstryd die bal onderskep en agter sy eie pale gaan druk (Omnibus 2.1, 2020:116). Met die aanbreek van die rugbyseisoen in Trompie se graad 8-jaar kom hy tot die besef dat die skool “rugbymal” is en dat hy ’n alleenloper sal wees as hy nie rugby speel nie (Omnibus 2.1, 2020:117). Tydens sy eerste oefening is Trompie aanvanklik bang om te speel en sê hy aanmekeer vir die binnesenter dié moet skop. Die seun besluit op ’n stadium om wel die bal vir Trompie te gee. Trompie seil rats onder sy teenstanders uit en druk ’n drie. Daarna druk hy binne vyf minute nog twee drieë. Na die oefenwedstryd voel Trompie ’n “gloed van genoegdoening omdat almal hom prys” (Omnibus 2.1, 2020:120). Hy word as kaptein van die onder 13A-span gekies. Ten spyte van die span se sukses is die skoolhoof en afrigter ontevrede oor Trompie se leierskap en selfsugtige spel. Trompie steur hom egter nie aan die skoolhoof se vermaning oor sy selfsugtige, individualistiese spel nie. “Hy het al baie drieë gedruk en die doel van rugby is mos om punte aan te teken en dis presies wat hy doen. Waarom lol almal dan so?” (Omnibus 2.1, 2020:134). Volgens Trompie is “almal net jaloers” oor sy sukses as voorste driedrukker (Omnibus 2.1, 2020:135). Die wenmotief seëvier ten koste van spangees, samespel en respek vir spanmaats se vaardigheid. Sport stel Trompie in staat om sy dominansie oor ander seuns te vestig (vgl. English 2017:184).

Trompie as atleet word in dieselfde trant uitgebeeld. Hy is ’n uitstekende atleet, besit ’n oormaat selfvertroue en gebruik sport om sy aansien in die gemeenskap te verhoog. Sy eerste plek in die honderdmeterwedloop het volgens hom tot gevolg dat Kwaggaberg Hoërskool die wenners van die interskole-atletiekbyeenkoms is: “Ja-nee, ’n mens kan maar sê hy wat Trompie is, het die oorwinning vir sy skool behaal!” (Omnibus 2.2, 2020:259).

Hoewel tennis deesdae beskou word as ’n genderneutrale sport wat deur sowel mans as vroue beoefen word (Sobal en Milgrim 2019:36), reken Trompie dat dit ’n “skande” sal wees as een van die lede van die Boksombende tennis speel (Omnibus 2.1, 2020:73). Volgens Blikkies “verraai” Dawie die Boksombende deur tennis te speel, want “dis vir sissies” (Omnibus 2.1, 2020:90). Dit is ook vir Rooie ondenkbaar: “Kan julle my soos ’n feetjie daar op die baan agter ’n balletjie aan sien rondhardloop?” (Omnibus 2.1, 2020:91). Ten spyte van sy maats se neerhalende aanmerkings en pogings om hom voor sy tennismaats te verkleineer, staan Dawie vas by sy besluit om tennis te speel (Omnibus 2.1, 2020:91–3). Dawie se medebendelede se geringskattende, vernederende opmerkings teenoor hom kan gesien word as ’n poging om ’n

onderskeid tussen hulle – die dapperes, die avontuurlustiges, die sportmanne – en die tingerige, verfynde, intellektuele Dawie te tref. Die kontras tussen Dawie en die ander lede van die Boksombende loop soos ’n goue draad deur al 24 boeke (vgl. tema 1.2).

### 5.1.7 Tema 1.7: Die uitbeelding van mans in die Trompie-boeke

#### 5.1.7.1 Tema 1.7.1: Wit mans

Die leser het in die Trompie-boeke met die Afrikaanssprekende elite te doen. Die wit mans waarna daar in die Trompie-boeke verwys word, is, op enkele uitsonderings na, leiers in die plaaslike of internasionale gemeenskap. Trompie se pa is reeds vir verskeie jare bankbestuurder op Kwaggaberg. Hy is die broodwinner wat die beursie in die huis dra (Trompie gaan na sy pa as hy nuwe sportdrag of geld wil hê) (Omnibus 1.1, 2020:37) en ook verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die huis (Omnibus 1.2, 2020:245; kyk ook tema 3). Die plaaslike polisieersant maak gereeld sy verskyning in die Trompie-boeke. Die “statige sersant” wys gereeld “waarskuwend vir [die Boksombende] vinger. Hy glo dit hou die knopies in toom – as hulle miskien kattedwaad beplan” (Omnibus 5.3, 2020:229). Sowel die laer- as die hoërskoolhoof is mans. Trompie beskou die hoërskoolhoof, wat in besit van ’n doktorsgraad is, as “gaaf en vriendelik, maar wanneer hy straf uitdeel, is hy genadeloos!” (Omnibus 3.1, 2020:33). Een van die onderwysers is ’n internasionale kundige oor Inka-tekeninge (Omnibus 8.1, 2020:60). Die plaaslike predikant speel ’n belangrike rol in die jeugdige Trompie se lewe. Tydens een van die bendevergaderings sê hy byvoorbeeld: “Dominee het gepraat van ’n mens se sweet des aanskyns” (Omnibus 5.2, 2020:197). Die predikant het op sy beurt ook ’n sagte plekkie vir die lede van die Boksombende (Omnibus 4.3, 2021:285).

Nie alle wit mans in die Trompie-boeke is vermoënde gemeenskapsleiers nie. In die boeke word gereeld na Rooie se pa, die plaaslike skoenmaker, verwys. Hoewel hy nie vermoënd is nie, is hy ’n trotse man. Toe Rooie eenkeer erge tandpyn het, besluit sy vriende om hom tandarts toe te vat en met Blikkies se geld te betaal. Toe Rooie se ouers van die tandartsbesoek hoor, betaal hulle Blikkies se geld terug, want “Rooie se pa is miskien net ’n skoenmaker, maar hy kan self vir sy seun se mediese onkoste betaal, dankie” (Omnibus 4.3, 2021:359). Smith se fiktiewe Afrikanerelite stem in ’n groot mate ooreen met Stella Blakemore (onder die skuilnaam Theunis Krogh) se Keurboslaanreeks wat gedurende die 1940’s verskyn het. Volgens Du Plessis (2010:5) het dié reeks lesers aan ’n geïdealiseerde, stedelike Afrikanerelite voorgestel.

#### 5.1.7.2 Tema 1.7.2: Swart mans

Ongelykhede tussen die geslagte gaan oor meer as die verhouding tussen die alfa-man en vroue, meisies, vroulikheid of verfyndheid, asook seuns en mans wat nie aan die alfa-man se kriteria van manlikheid voldoen nie. Dit gaan ook oor die verhouding tussen diegene wat aan die oorheersende kultuur- of rasgroep behoort en diegene wat nie daaraan behoort nie (Mayeza en Bhana 2021:3). Die eerste Trompie-boeke het kort na die 1948-bewindsaanvaarding van die Nasionale Party met sy apartheidsideologie verskyn. Die Trompie-boeke wat in die 21ste eeu, na die bewindsaanvaarding van die African National Congress-party, heruitgegee is, getuig steeds van ’n skeefgetrekte verhouding tussen wit en swart. Swart mense is feitlik afwesig in die 24 verhale wat as data vir hierdie studie dien. Hierdie afwesigheid kan as ’n vergestaltung van hegemoniese manlikheid gesien word: wit, Afrikaanssprekende mans en seuns speel die leidende rol in die idilliese Kwaggaberg. Wanneer daar wel na swart mans verwys word, word hulle in ’n ondergeskikte posisie teenoor selfs kinders geplaas. Die volgende drie voorbeelde

is voldoende: (1) Terwyl Trompie vir sy benedelede wag, “vermaak hy homself deur klippies na Jafta wat onder in die tuin werk te gooi. Hy probeer die tuinier nie raakgooi nie, nee, hy wil maar net sien hoe naby aan Jafta hy die klippies kan kry. Dis mos al!” (Omnibus 1.1, 2020:38–9). (2) Trompie en sy medebenedelede jaag die tuinier en sy broer, oom Safanja, skrik op die lyf met ’n pampoenspook en deur klippe op hul kamer se dak te gooi (Omnibus 1.1, 2020:88). (3) In *Trompie die hanswors* gee Trompie se ma hom die opdrag om die tuinier, Safanja, te gaan help om vuilgoed uit te trek. Trompie groet die “oubaas” op sy naam ten spyte van die feit dat hy al “baie jare by die Toeriens, al van voor Trompie gebore is, werk” (Omnibus 7.2, 2018:215). Safanja is nie baie opgewonde oor die hulp nie, want hy het al deur ervaring geleer dat Trompie “meer in die pad [sal] wees as wat hy help” (Omnibus 7.2, 2018:215). Trompie is gou verveeld met die werkery. Eers tref ’n kluit die tuinier agter die oor en toe trek Trompie ’n groot kakiebos uit en skud die bos so hard dat die grond aan die wortels oor Safanja neerreën.

Die gebrek aan agting vir swart mans is selfs in die skrywer se byna argelose, inkonsekwente omgaan met die naam van die tuinwerker te bespeur. In Omnibus 1.1 (2020:38–9) is Jafta die tuinier. Safanja is Jafta se broer wat slegs vir ’n paar dae op die Toeriens se erf by sy broer gekuier het. In Omnibus 7.2 (2018:216) word genoem dat Safanja al jare, van voor Trompie se geboorte, by die Toeriens werk.

## **5.2 Tema 2: Die uitbeelding van vroue in die Trompie-boeke**

Dit is belangrik om ter inleiding daarop te wys dat die vroue en meisies waarna in die 24 Trompie-boeke verwys word, almal wit is. Hoewel hierdie wit vroue en meisies randfigure is, is hulle nie volkome, soos swart vroue, asook swart seuns en meisies, afwesig in die Trompie-boeke nie.

### *5.2.1 Tema 2.1: Trompie se verhouding met meisies*

In die Trompie-boeke word die verhouding tussen Trompie en meisies tong in die kies uitgebeeld. Sy verhouding met Katrien, die bure se dogter, en die beeldskone Lucille en Rosa, asook sy beweerde verhouding met Orgina Gous en die besoek van die Darling-drieling aan Kwaggaberg lê Trompie se arrogante, chauvinistiese houding teenoor meisies bloot.

Die Trompie-boeke is vir seuns oor seuns geskryf. Hoewel meisies randfigure is, is dit vir die protagonis belangrik om sy heteroseksuele oriëntering te beklemtoon. Trompie is van mening dat “as hy net sy pinkie sal lig, sal al die meisies agter hom aanhardloop. Hy weet hulle sal” (Omnibus 1.1, 2020:125). Om sy onweerstaanbaarheid vir die teenoorgestelde geslag aan sy benedelede te bewys, spog Trompie by hulle dat hy reeds die volgende dag ’n meisie sal hê. Trompie besluit om Katrien, die bure se dogter, wat volgens Trompie “nie eintlik die mooiste suid van die Noordpool is nie” (Omnibus 1.1, 2020:127) te vra om sy meisie te wees. Met oordrewe sjarmerie maak hy haar die volgende oggend voor skool die hof. Die oomblik toe Katrien instem om sy meisie te wees, raak sy ’n oorlas vir hom. Hy en sy benedelede besluit toe om ’n “ruil”-transaksie met haar aan te gaan. As sy “van die meisie-en-kêrel-besigheid vergeet”, maak hulle haar ’n halwe lid van die Boksombende (Omnibus 1.1, 2020:131). Sy aanvaar die ooreenkoms. Die halwe lidmaatskap hou egter vir haar geen voordele in nie. Intendeel. Sy moet vir die benedelede lekkers koop (Omnibus 1.1, 2020:131). By geleentheid vra Trompie haar om hom na die Sondagskoolpiekniek te vergesel, bloot om sy skuld vir geld wat Katrien vir hom geleen het, afgeskryf te kry (Omnibus 3.1, 2020:43). Tydens sy graad 10-jaar besef Trompie dat Katrien “eintlik nogal heel mooi” is; haar voortande is nou gelyk en sy

het heelwat minder sproete. Hoewel sy “nou wel niks besonders in sy lewe [is] nie ... voel [Trompie] effe gekrenk” omdat sy tydens die vakansie ’n seunsvriend ontmoet het (Omnibus 4.2, 2021:161). Trompie wil nie vir Katrien as sy meisie hê nie, “maar hy hou net niks van die idee dat sy iemand anders se meisie is nie” (Omnibus 6.2, 2017:168). Katrien is dikwels, as ’n randfiguur, teenwoordig in die Trompie-boeke. Trompie is “gewoonlik vriendelik met haar – veral wanneer sy hom met huiswerk moet help” (Omnibus 7.2, 2018:154; vgl. ook Omnibus 7.3, 2018:297). Hy is egter ook dikwels geniepsig met haar; hy het eenkeer in die laerskool haar vlegsels so hard getrek dat sy aan die huil geraak het, tot groot vermaak van Trompie (Omnibus 7.2, 2018:154). Hy vaar teen haar uit omdat sy by geleentheid sê sy verkies Wynand Roux bo hom omdat laasgenoemde netjieser as Trompie is: “Jy wat Katrien is, sal nog eendag na my kyk en dan sal jy nie dink ek is slordig en vuil en lelik nie. Nee, jy sal dink ek is wonderlik. Jy sal vir my sê: ‘Trompie, ek is bly en trots om jou te ken!’ Dit is wat jy sal sê. En weet jy wat ek sal sê? ... Ek sal sê: ‘Weg is jy, meisiekind! Ek ken jou nie!’ Dis wat ek sal sê!” (Omnibus 8.1, 2020:82). Nadat Trompie as kaptein van die onder 17-rugbyspan verkies word, raak Katrien “weer baie vriendelik” met hom (Omnibus 8.1, 2020:113). Trompie word by dié geleentheid nie as ’n ongevoelige buffel uitgebeeld nie. Nadat hy as kaptein van die Goue Leeus se onder 17-rugbyspan aangewys is, wens Katrien hom geluk. Hy kan sien sy dink aan sy gewraakte woorde (“Weg is jy, meisiekind! Ek ken jou nie!”) maar Trompie wil Katrien nie seermaak nie. “Die Grootkaptein [sê] net: ‘Baie dankie vir die mooi wense, Katrien,’ en hy druk haar hand sag” (Omnibus 8.1, 2020:125). Trompie en Katrien se wipplankverhouding werp lig op Trompie se mening dat meisies, in die besonder Katrien, nie bestand is teen sy sjarme nie. Dié siening is nie vêrgesog nie. Katrien jak Trompie slegs by enkele geleenthede af en laat hom verstaan dat hy nie die middelpunt van haar bestaan is nie (vgl. die Wynand Roux-insident [Omnibus 8.1, 2020:82] en haar vakansieromanse [Omnibus 4.2, 2021:163]).

Trompie se gebrekkige insig in die teenoorgestelde geslag word treffend uitgebeeld in die vertellings oor sy kortstondige verhoudings met Lucille en Rosa. Aan die begin van sy graad 8-jaar is Trompie tot oor sy ore verlief op die beeldskone Lucille. Tot groot ontsteltenis van sy vriende vergesel sy hom na die skool se danspartytjie. Tydens die partytjie maak Trompie se vriende snedige aanmerkings, soos “pantoffelregering” en “mak soos ’n lammetjie”, binne hoorafstand van Trompie (Omnibus 2.2, 2020:182). Lucille word negatief as koketterig (“sy staan skamerig en giggel”) en geldgierig (Trompie moet vir haar lootjies en versnaperinge koop) voorgestel. Sy noem Trompie se maats “skarminkels” (Omnibus 2.2, 2020:183). Na ’n ramspoedige danspoging deur die twee is die kortstondige verhouding tot groot vreugde van die ander lede van die Boksombende tot ’n einde (Omnibus 2.2, 2020:185). In graad 10 raak Trompie verlief op die “glimlaggende droommeisie”, Rosa. Haar “sagte stem klink vir Trompie soos die mooiste musiek wat hy nog ooit gehoor het” (Omnibus 8.2, 2020:133). Trompie dink hy is “onweerstaanbaar, [maar] al glimlag [Rosa] liefies terug, lyk hy vir haar net soos ’n grinnikende bobbejaan” (Omnibus 8.2, 2020:134). Volgens die verteller is Trompie “vir die eerste keer in sy lewe verlief, smoorverlief” (Omnibus 8.2, 2020:136). By die skool “staar [hy] net soos ’n verliefde hoender” na Rosa. Rosa word beskryf as ’n “klein flerrie” (Omnibus 8.2, 2020:203) wat die seuns om haar pinkie draai. Sy maak ’n bespotting van Trompie en eis aanmekaar goed van hom om sy liefde en lojaliteit teenoor haar te bewys, onder meer sjokolade en sywurms (Omnibus 8.2, 2020:220). Die ramspoedige verhouding is tot groot vreugde van die lede van die Boksombende van korte duur.

Uit die voorafgaande paragrawe blyk dit dat uiterlike skoonheid belangrik vir die seuns in die Trompie-boeke is. Daarom is dit vir die Boksombende ’n vernedering dat Jorrie, ’n boelie, stories versprei dat Trompie verlief is op Orgina Gous, wat volgens die lede van die

Boksombende “verreweg die lelikste meisie in hul klas én die hele skool” is (Omnibus 5.3, 2020:271). Sy het “baie oop plekke waar daar tande moes gewees het en ... miljoene rooi sproete en vuurrooi hare” (Omnibus 5.3, 2020:271). Erger as haar voorkoms is blykbaar die feit dat sy ’n klikbek is (Omnibus 5.1, 2020:41). Die skrywer is kwetsend in sy beskrywing en naamgewing van Orgina. Orgina word nie net as ’n uiters onaansienlike, ongewilde meisie beskryf nie, maar selfs deur naamgewing word haar vroulike karakter afgebreek en word sy ’n tipe dierlike karikatuur (vgl. Possa-Mogoera 2020:1–2).

In haar bespreking van die rabbedoe in gewilde jeugliteratuur noem Gardiner (2021:17) dat die rabbedoe in jeugverhale ’n subtiele boodskap aan die leser probeer oordra dat vroue en jong meisies onafhanklike, dapper individue is wat hulleself kan laat geld. Gardiner (2021:17) is egter van mening dat die rabbedoe, deur haar “seunsagtige” optrede, erkenning aan die persepsie gee dat manlikheid belangriker as verfyndheid en vroulikheid is. Die Darling-drieling wat tydens ’n somervakansie by Dawie-hulle kuier, kan as rabbedoes beskou word. Die drieling sit die Boksombende behoorlik ore aan. Hulle kan verder as die seuns spoeg, kan goed boomklim en perdry en wen Dawie met gemak op die tennisbaan. Dit voel vir die seuns “die hele tyd asof die Darling-drieling op ’n baie slim manier met hulle geksteer” (Omnibus 4.1, 2021:49). Trompie voel “mismoedig. Dit lyk of daar niks is wat hulle beter kan doen as hierdie drieling van Darling nie” (Omnibus 4.1, 2021:50).

Met die uitsondering van Katrien, is die verhoudings wat Trompie met meisies (Lucille en Rosa) aanknoop, kortstondig. Klem word op die uiterlike skoonheid van die geldgierige, giggelende en ydel flerries, Lucille en Rosa, gelê. Die belangrikheid van skoonheid kom veral na vore in die seuns en Katrien se negatiewe houding teenoor Orgina. Hoewel Katrien op die oog af as ’n onafhanklike meisie met ’n wil van haar eie uitgebeeld word, blyk dit dat Trompie haar wel om sy pinkie kan draai en dat sy prestasies op die sportveld vir haar belangrik is. Smith se uitbeelding van meisies in die Trompie-boeke as oppervlakkige en ydel randfigure stem ooreen met dié van ander Suid-Afrikaanse (vgl. 2.2, asook Nieman en Hugo 2004:1–14; Geldenhuys en Anker 2018:362) en internasionale (vgl. 2.1, in die besonder Turner-Bowker 1996:461; Williams e.a. 1987:154) jeuglektuur wat gedurende die vorige eeu die lig gesien het. In ’n resensie-essay van die Saartjie-boeke, wat ook deur Smith onder die skuilnaam Bettie Naudé die lig gesien het, wys Hambidge (2011:2) onder andere daarop dat die skrywer Saartjie as sportief, slim en gewild uitgebeeld het. Hambidge (2011:5) skryf voorts dat “Saartjie altyd in staat [is] om enige uitdaging die hoof te bied: skoolwerk, reddingspoging van ’n ander kind of ’n bye-aanval. Sy is geliefd, mooi [en] ’n grapjas en skrywer”. ’n Mens sou waarskynlik kon argumenteer dat die skrywer van die Trompie- en Saartjie-boeke se uitbeelding van seuns en meisies grootliks bepaal is deur die spesifieke reeks se teikenmark.

## 5.2.2 Tema 2.2: *Uitbeelding van vroue*

### 5.2.2.1 Tema 2.2.1: Trompie se ma

Smith beeld Trompie se ma uit as ’n liefdevolle, gelowige versorger, moeder en eggenoot. Hierdie uitbeelding stem ooreen met die uitbeelding van die huisvrou en moeder in die patriargale Afrikaanse (vgl. tema 3, asook 2.2, in die besonder De Villiers en Bester 1992:178) of Amerikaanse (vgl. 2.1, in die besonder Turner-Bowker 1996:463; Williams e.a. 1987:152) huisgesin gedurende die tweede helfte van die vorige eeu. Trompie se ma se lewe draai om haar man, kinders, huis en kerk- en gemeenskapaksies (Omnibus 7.3, 2018:248). In *Trompie die atleet* word daar wel melding gemaak dat sy ma op universiteit was (Omnibus 8.3, 2020:291).

'n Deurlopende tema in die Trompie-boeke is Trompie se ma se liefde vir haar seun. Ek volstaan met enkele voorbeelde: “hy is so slordig, maar sy het hom lief” (Omnibus 1.2, 2020:147); “Hy is soms so stout en amper altyd in die moeilikheid, maar hy is vir haar baie dierbaar” (Omnibus 7.1, 2018:89); Trompie se ma “se oë rus sag op [Trompie] en haar stem is teer” (Omnibus 4.2, 2021:195; kyk ook Omnibus 7.2, 2018:140 en Omnibus 7.3, 2018:246 vir byna dieselfde beskrywings wanneer sy met hom praat); en as Trompie by sy pa raas of pak kry, vind hy altyd 'n simpatieke oor by sy ma (Omnibus 1.1, 2020:37).

Die liefde waarna in die vorige paragraaf verwys word, is wedersyds – Trompie sê byvoorbeeld vir sy ma: “Ma weet mos Ma is vir my die mooiste vrou in die hele wêreld” (Omnibus 4.2, 2021:195). Hy beskou sy ma as die “wonderlikste” (Omnibus 1.2, 2020:245) en “die beste ma in die wêreld” (Omnibus 2.1, 2020:108–12). 'n Hoofstuk getitel *Trompie se ma* is 'n lofrede aan moeders. Die impetus vir die lofrede is Trompie se ma se verjaarsdag en 'n noodoperasie as gevolg van blindedermonsteking (Omnibus 7.3, 2018:248).

#### 5.2.2.2 Tema 2.2.2: Trompie se suster Anna

Trompie se suster, Anna, is 'n randfiguur. Trompie “steur hom ... nooit veel aan haar nie” (Omnibus 4.1, 2021:14). Sy figureer slegs om Trompie se karakter te belig. Sy beskryf hom as 'n “barbaar” wat haar gereeld in die verleentheid stel wanneer sy besoekers ontvang (Omnibus 1.1, 2020:41). Maar nadat Trompie 'n drag slae by sy pa gekry het, bring sy vir hom sjokolade en soen hom op sy voorkop en hy kom tot die gevolgtrekking dat sy “dareem nie te sleg [is] nie”, al baklei hulle gereeld (Omnibus 1.2, 2020:245).

#### 5.2.2.3 Tema 2.2.3: Vroue word dikwels karikatuuragtig voorgestel

Met die uitsondering van Trompie se ma, sy suster en 'n paar onderwyseresse, word daar bykans nooit melding van vroue in die verhale gemaak nie. Wanneer daar wel na hulle verwys word, is dit op 'n spottende wyse. 'n “Kordon gillende, histeriese vrouens” kyk byvoorbeeld hoe Dawie op 'n wild hardlopende donkie deur Kwaggaberg se strate jaag (Omnibus 3.1, 2020:23). 'n Groep vroue, wie se vergadering deur die Boksombende, 'n klomp honde en 'n bobbejaan onderbreek word, word as “histeries” beskryf (Omnibus 6.2, 2017:134). Dit is nie 'n ongewone verskynsel dat vroue flou neerval as hulle skrik nie (Omnibus 1.1, 2020:122; Omnibus 3.1, 2020:23; Omnibus 6.2, 2017:134; Omnibus 7.2, 2018:237). In van die verhale word 'n bespotting van oorgewig vrouens gemaak. (1) 'n Oorgewig vrou loop “waggelend, ... buk kreunend ... [en] die sweet tap van haar voorkop af” in haar pogings om 'n muntstuk wat op die grond lê, op te tel (Omnibus 4.3, 2021:333); (2) Trompie kruip deur die opening in die heining tussen sy en Katrien se erf. “Op die grond 'n paar duim voor sy oë, sien hy 'n paar plathakskoene ... Net bokant die skoene is dik enkels en dik bene met wolkouse aan ... Katrien se lywige ma” (Omnibus 7.3, 2018:293); (3) Tydens bovermelde bobbejaanepisode snak die “kolossale tant Grieta ... na asem [en] prewel ‘Ag jittetjie, help tog’ en sak met 'n plofgeluid op die plankvloer neer” (Omnibus 1.1, 2020:22).

Die data sinspeel daarop dat die “vooraanstaande” vroue van Kwaggaberg 'n misplaaste, opgeblase siening van hul kundigheid en die rol wat hulle in die samelewing speel, het. Tydens 'n vergadering van “Kwaggaberg se vooraanstaande dames – [wat] besig was met 'n vergadering [aan huis van die Toeriens] waarin hulle wêreldprobleme bespreek en oplos”, veroorsaak Trompie se pet, wat hy na die kapstok gooi, konsternasie toe dit op een van die dames (wat ingesluimer het) se skoot beland. “Sy glo verskrik dis 'n vlieënde piering”

(Omnibus 6.2, 2017:162). Nadat Trompie homself uit die voete gemaak het, besluit die dames om tydens hul volgende vergadering te praat “oor hoe onbeskof die moderne jeug is” (Omnibus 6.2, 2017:163).

Terwyl die skrywer die draak steek met die “vooraanstaande” vroue van die gemeenskap, is hy meer simpatiek, dog paternalisties, in sy vertelling van “die goedige ou vrou” (Omnibus 5.2, 2020:199) wat onderneem om die Boksombende R20 te betaal vir elke mol wat hulle vang. Op die ou einde vang hulle net een mol, maar wys dieselfde mol vier keer “vir die goedige weduwee” (Omnibus 5.2, 2020:205). Sy aanvaar goedertrou hul woord en betaal vir elke mol R20. Volgens die skrywer is dit “nogal kostelik dat hulle elke keer dieselfde mol vat en dan daarvoor betaal word” (Omnibus 5.2, 2020:206). Die lede van die Boksombende kom egter tot inkeer en gee vir haar R60 terug. Dit is dus die Boksombende se eerlikheid en nie die vrou se opletendheid nie wat verhoed dat die seuns haar inloop.

#### 5.2.2.4 Tema 2.2.4: Professionele vroue

Jeugverhale wat in die vorige eeu verskyn het, het vroue as onderdanig, passief en dienend uitgebeeld. Hul doel in die lewe was om mans te ondersteun en nie om hul eie interessante en uitdagende loopbane te volg nie (vgl. 2.1 en 2.2; Williams e.a. 1987:152). In ooreenstemming met hierdie tendens is die enigste professionele vroue waarna in die 24 boeke verwys word, enkele onderwyseresse wat vir Trompie skoolhou en die ontvangsdame van ’n neurochirurg. Die wiskundeonderwyseres, juffrou Necker, onder die kinders bekend as Nukke, word as ’n ferm, simpatieke persoon met ’n sin vir humor uitgebeeld. Trompie se pogings om hierdie onderwyseres met wolhaarstories om die bos te lei, misluk (Omnibus 1.1, 2020:96). Toe ’n padda wat Trompie in die Engelse onderwyseres se lessenaarlaai gesit het, in die klas rondspring, is daar chaos in die klas. Juffrou Carelse slaan flou neer (Omnibus 6.2, 2017:134). Later dieselfde dag hoor Trompie “daardie soort gil. Dit is die gil van ’n vroumens wat ’n monsteragtige padda gesien het” (Omnibus 6.2, 2017:143). Naas die onderwyseresse word daar verwys na die ontvangsdame van ’n Johannesburgse neurochirurg. Die ontvangsdame van dokter Berg word as ’n deftige maar gevoellose vrou geskets: “Sy het effense grys hare en lyk deftig en aristokraties ... deftige oujongnooi ... Die vrou maak ’n gebaar met haar wit hand soos ’n koningin wat haar onderdane goedgunstelik verlof gee om haar teenwoordigheid te verlaat ... Die elegante vrou sit asof sy nie net ’n hart van klip het nie, maar asof alles van haar met ’n beitel uit klip gekap is” (Omnibus 4.1, 2021:131). Die vroue beklee dus almal stereotipiese vroueberoepe. Nie een van die drie vroue beklee ’n leierskapposisie nie. Die ontvangsdame word as ’n gevoellose oujongnooi beskryf.

Uit Smith se uitbeelding van vroue is dit duidelik dat hulle nie hoog geag word in die geïdealiseerde Afrikanerdorpie nie. Die vroue word nie net as liefdevolle huisvroue en moeders uitgebeeld nie, maar ook as onbeholpe, naïewe en oningeligte tantes wat maklik om die bos gelei kan word of waarmee die draak gesteek kan word. Die vroue se lewens draai om hul huise, mans en kinders en die plaaslike gemeenskap. Hulle is vasgevang in tradisionele beroepe. Nie een van die vrouekarakters kan as inspirasie of voorbeeld vir jong vroulike lesers dien om hul vlerke te spreid nie.

### 5.3 Tema 3: Die patriargale huisgesin

Die klem van Afrikaanse jeuglektuur gedurende die 1950’s was op die geborge, wit middelklaskind wat in byna idilliese omstandighede in ’n patriargale huisgesin grootword (vgl. Van

der Walt 2005:25; Hambidge 2011:2; Geldenhuys en Anker 2018:362). Die bevindinge in my studie oor die uitbeelding van die gesin is in ooreenstemming met dié van 'n studie deur De Villiers en Bester (1992:199–78) oor die uitbeelding van vroue as die onderdanige versorgers in die tradisionele Afrikaanse gesin. Vroue, soos Trompie se ma, verrig take in en om die huis. Sy maak kos, versorg haar kinders en is betrokke by kerk- en gemeenskapaksies. Daar word sydelings in een van die 24 Trompie-boeke verwys na die feit dat Trompie se ma universiteitsopleiding het (vgl. tema 2.2.1). In al die boeke is sy egter 'n versorger wat haar “versorgingsrol en huiswerk as vanselfsprekend aanvaar en glad nie as ‘werk’ beskou nie” (vgl. Van der Walt en Nieman 2009:151).

In die geïdealiseerde patriargale Afrikanergesin van die 1950's speel die pa 'n leierskaprol binne en buite gesinsverband (vgl. tema 1.7.1). Trompie se pa speel 'n sentrale rol in die boeke. Wanneer Trompie byvoorbeeld geld nodig het om 'n fiets vir Rooie te koop of nuwe rugbystewels of atletiekskoene wil hê, nader hy sy pa (Omnibus 1.1, 2020:37). Hoewel meneer Toerien as liefdevol beskryf word, huiwer hy nie om sy seun te tugtig nie (vgl. tema 1.4). Hy is dus, in ooreenstemming met die stereotipiese mans of vaders in die patriargale gesin, die “hoof van die gesin”, die broodwinner, die persoon wat die beursie dra (vgl. Coetzee 2001:300; De Villiers en Bester 1992:178).

Van der Walt en Nieman (2009:151) en Hambidge (2011:3) se siening dat daar in boeke wat die tradisionele gesin as norm voorhou deur 'n geromantiseerde, rooskleurige bril na die gesin en die huwelik gekyk word, word deur die huidige studie bevestig. Die Toeriengesin word as 'n baie liefdevolle, hegte gesin geskets. Die liefde van Trompie se ouers en sy suster, Anna, kom duidelik na vore nadat Trompie soek was omdat hy fietsdiewe agtervolg het. Anna skryf Trompie se skuld af. Sy pa se stem is hees as hy vir Trompie sê hoe trots hy op sy seun is, “maar in die toekoms moet jy asseblief versigtig wees”. Sy hand rus op Trompie se skouer as hy effe hees sê: “Nag, my seun”. Sy ma se stem is sag as sy hom 'n goeie nag toewens (Omnibus 2.3, 2020:317). As Trompie se ma na sy pa kyk, is daar “'n teer glans in haar oë” (Omnibus 4.3, 2021:408). In teenstelling met hierdie geïdealiseerde, geromantiseerde Toeriengesin, skets baie van die 21ste-eeuse jeugboekskrywers die moderne gesin as kompleks en wanfunksioneel. Die skuld vir hierdie wanfunksionaliteit word volgens Van Coller (2022b:8) veral voor die deur van Afrikanermans geplaas. Die oorbeklemtoning van die wanfunksionaliteit van die Afrikanergesin het volgens Van Coller (2022a:9) tot gevolg dat daar tereg gevra kan word “of daar êrens dalk nog funksionele gesinne bestaan, met hardwerkende, liefdevolle ouers wat soos honderdduisend ander gewone mense hulle bes doen om eties en sinvol te lewe”.

## 6. Enkele aanbevelings

My studie het vele voorbeelde van genderstereotipering en hegemoniese manlikheid blootgelê. Maak dit werklik saak? Indien daar op navorsing oor jeugliteratuur en die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring: Lewensoriëntering, graad 7–9* (Departement van Basiese Onderwys 2011) gelet word, is die antwoord onteenseglik “ja”. Volgens Hamilton, Anderson, Broadus en Young (2006:757) dui gesonde verstand daarop dat stereotipiese uitbeeldings van verskillende geslagte en die onderverteenwoordiging van vrouekarakters kinderontwikkeling negatief kan beïnvloed. Dit kan onder meer tot beperkte beroepsambisie onder meisies en skeefgetrekte sienings oor ouerskap lei.



Voorts het navorsers (Hamilton e.a. 2006:757; Tsao 2008:16) bevind dat negatiewe stereotipering tot 'n lae selfbeeld en minderwaardigheidsgevoel onder meisies en oordrewe selfvertroue onder seuns kan lei. Kinder- en jeugliteratuur vestig volgens Pollack (1999:xxiv), Hamilton e.a. (2006:758) en Tsao (2008:16) standarde of rolmodelle wat vir die lesers sê wat as aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag vir seuns en meisies beskou moet word. Ten spyte van die verandering in die genderfokus van Afrikaanse jeugliteratuur (Geldenhuis en Anker 2018:362) kan geredeneer word dat die gewildheid van die Trompie-boeke met hul sterk hegemoniese manlikheidsonderbou die mites en verouderde idees oor manlikheid in stand hou. Bogemelde beteken egter nie dat kinders se stereotipiese gendersienings nie omgekeer kan word nie. 'n Studie deur Trepanier-Street en Romantowski (1999:156) onder 75 kinders het byvoorbeeld met behulp van voor- en natoetsing bevind dat kinders se blootstelling aan ses boeke met nie-stereotipiese genderrolle en werksaamhede vir 'n periode van twee maande 'n verandering in hul sienings van spesifieke beroepe tot gevolg gehad het.

Daar is 'n magdom boeke vir jongmense in biblioteke, e-boekwinkels, tweedehandse en tradisionele boekwinkels en selfs straatmarkte en supermarkte beskikbaar. Dit is belangrik dat ouers en onderwysers uit hul pad gaan om 'n liefde vir lees by jongmense te kweek en te vestig. Hierdie volwassenes moet vertrouwd wees met nie net die werke waarmee hulle opgegroeï het nie, maar ook hedendaagse boeke wat eietydse probleme hanteer. Ek onderskryf Lundgren en Khau (2015:7) se standpunt dat ouers en onderwysers 'n kritiese ingesteldheid by lesers van werke soos die Trompie-boeke, waarin genderstereotipering as normatief voorgestel word, kweek. Dit is belangrik dat lesers met die karakters in verhale kan identifiseer, maar dit is eweneens belangrik dat hulle deurdagte kritiek uitspreek teenoor manlike oorheersing en die redusering van vroue tot randfigure. Dit is egter net so belangrik dat onderwysers en ouers se pogings om kinders bewus te maak van genderstereotipering en hegemoniese manlikheid nie die vreugde van lees moet vernietig nie. Kinders kan gelei word om spesifieke tekste in byvoorbeeld die gewilde Trompie-boeke wat duidelike of verskuilde voorbeelde van genderstereotipering en hegemoniese manlikheid bevat, krities te lees. Voorbeelde van stereotipering, geslagskeiding en ongelykhede – ook ongelykhede tussen verskillende rasse en binne dieselfde geslag – kan uitgelig en bespreek word (Morales e.a. 2016:177; Nebbia 2016:30–2). 'n Ondersoek na gendertemas in die Trompie-boeke sal nie net by jong lesers nie, maar ook by van die volwasse lesers 'n groter bewustheid van hul eie, dikwels diepgewortelde gendervooroordele lei.

Die moontlikheid om deur die kritiese lees van jeugliteratuur 'n sinvolle, verrykende bydrae tot geselekteerde onderwerpe, gelys in die graad 7–9-Lewensoriënteringonderrigplan (Departement van Basiese Onderwys 2011:10) te maak, sal vervolgens, met spesifieke verwysing na die Trompie-boeke, op gelet word.

Temas wat tydens my dataontleding geïdentifiseer is, sal byvoorbeeld gebruik kan word tydens die bespreking van die volgende Lewensoriënteringonderwerpe: “selfontwikkeling in die samelewing”; “grondwetlike regte en verantwoordelikhede”; en die “wêreld van werk” (Departement van Basiese Onderwys 2011:10).

Trompie se oordrewe positiewe selfbeeld (temas 1.1.2 en 1.1.3), strewe na gewildheid (tema 1.1.5), outokratiese leierskapstyl (tema 1.1.1), boeliegedrag (tema 1.5), en sy verhouding met meisies (tema 2.1) kan as vertrekpunt gebruik word om die volgende onderwerpe oor selfontwikkeling in die samelewing te belig: selfbeeld, groepdruk, selfbeeldvorming

en selfmotivering, asook verhoudings en vriendskappe (Departement van Basiese Onderwys 2011:10).

Gedurende hul graad 8-jaar maak leerders kennis met temas soos geslagsgelykheid en kulturele diversiteit in Suid-Afrika. Die twee temas is onderafdelings van die onderwerp “grondwetlike regte en verantwoordelikhede” (Departement van Basiese Onderwys 2011:10). In hul bespreking van genoemde onderwerp sal onderwysers raakpunte tussen hierdie onderwerpe en geslagstereotipering (temas 2.1, 2.2 en 3) en hegemoniese manlikheid (temas 2.1 en 1.7.2) kan uitwys.

’n Bespreking van die uitbeelding van vrouens as randfigure en die rol wat swart mans in die Trompie-boeke gespeel het, bied aan onderwysers die geleentheid om geslag- en rasstereotipering aan die kaak te stel. Smith se uitbeelding van vrouens as versorgers en randfigure (temas 2.2 en 3), wit mans as broodwinners en leiers in die werkplek en huis (temas 1.7.1 en 3) en swart mans as ongeskoolde werkers (tema 1.7.2) bied aan onderwysers die geleentheid om “die wêreld van werk” (Departement van Basiese Onderwys 2011:10) te bespreek.

Deur die kritiese lees van die Trompie-boeke kan kinders tot die besef gebring word dat die werkplek van die 1950’s anders as dié van die 2020’s lyk. Alle leerders – ongeag ras of geslag – kan groot hoogtes in uitdagende beroepe bereik. Die Trompie-boeke wat in die 1950’s verskyn het, kan dus jongmense van die 2020’s motiveer om standpunt teen genderstereotipering, -ongelykheid en -geweld in te neem én jeugliteratuur deur onder andere Marita van der Vyver (2001) en John van de Ruit (2012), waarin genderstereotipering, -ongelykheid en -geweld bevraagteken word, te lees.

## 7. Ten slotte

Hierdie artikel werp lig op gendertemas in die gewilde, immergroen Trompie-jeugboeke. Trompie is die versinnebeelding van die alfa-man: hy is ’n outokratiese, egosentriese leier met ’n oormaat selfvertroue in sy intellektuele en fisieke vermoëns. Dit is vir die alfa-man belangrik om aansien onder volwassenes en kinders te geniet. Teenoor Trompie, die hegemoniese, oorheersende protagonis, word verfynde en gekultiveerde seuns en mans in ’n skool- en gemeenskapsmilieu van die 1950’s waar patriargie hoogty gevier het, gering geskat en negatief uitgebeeld. Trompie se deelname aan gewelddadige konfrontasies en sportsoorte word gekenmerk deur brute krag en sy aanvaarding van lyfstraf “soos ’n man” onderskei hom van seuns wat nie aan die kriteria van “die ideale” seun voldoen nie. Teenoor hierdie dapper, avontuurlustige en sportiewe seun word meisies as giggelrig, ydel en geldgierig gestereotipeer.

Wit Afrikaanssprekende mans word in die Trompie-boeke as intelligente, hardwerkende gemeenskaps- en internasionale leiers uitgebeeld. Vanuit ’n paternalistiese, meerderwaardige perspektief word klem op die vrou se rol as moeder, versorger en randfiguur in ’n patriargale huisgesin gelê. Connell (1995:77) se hegemoniese manlikheidsteorie gaan oor meer as die oorheersing van mans oor vroue en vroulikheid of verfyndheid; dit gaan ook oor die oorheersing van spesifieke kultuur- en taalgroepe oor ander. In die enkele verwysings na swart mans in die Trompie-boeke word hulle as arm, hardwerkende en lojale arbeiders uitgebeeld. Daar word glad nie na swart vroue en kinders in die verhale verwys nie.

## Bibliografie

- Adigüzel, F.B. en P. Ayaz. 2020. Values in youth literature: The case of Bridge Books. *African Educational Research Journal*, 8(3):551–9.
- Ahlers, N. 2019. *Die Rietrotte van Rietvallei Hoër. Boek 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Allen, M. (red.). 2018. *The Sage Encyclopedia of Communication Research Methods*. Thousand Oaks: Sage.
- Bhattacharya, H. 2012. Interpretive research. In Given (red.) 2012.
- Bortolin, S. 2010. “I don’t want him hitting on me”: The role of masculinities in creating a chilly high school climate. *Journal of LGBT Youth*, 7(3):200–33.
- Brake, D.L. 2011. Sport and masculinity: The promise and limits of Title IX. In Cooper en McGinley (reds.) 2011.
- Buzzanell, P.M. 2018. Interpretive research. In Allen (red.) 2018.
- Cart, M. 2008. The value of young adult literature. <https://www.ala.org/yalsa/guidelines/whitepapers/yalit> (3 November 2021 geraadpleeg).
- Coetzee, D. 2001. South African education and the ideology of patriarchy. *South African Journal of Education*, 21(4):300–4.
- Connell, R. 1995. *Masculinities*. Sydney: Allen & Unwin.
- Cooper, F.R. en A.C. McGinley (reds.). 2011. *Masculinities and law: A multidimensional approach*. New York: New York University Press. [https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract\\_id=1782889](https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=1782889) (15 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Departement van Basiese Onderwys. 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring, graad 7–9. Lewensoriëntering*. Pretoria: Staatsdrukker.
- De Villiers, C.M. en M. Bester. 1992. Vrouekarakters in be kroonde Afrikaanse jeugboeke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteekkunde en Inligtingswese*, 60(3):174–80.
- De Wet, C. 2016. The portrayal of bullying in contemporary South African young adult fiction. *Child Abuse Research: A South African Journal*, 17(2):49–62.
- De Wet, C., M. Reyneke en L. Jacobs. 2020. Bullying and cyberbullying. In Reyneke en Reyneke (reds.) 2020.
- Diedericks-Hugo, C. 2011. *Thomas@rock-ster.net*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Diekman, A.B. en S.K. Murnen. 2004. Learning to be little women and little men: The inequitable gender equality of nonsexist children’s literature. *Sex Roles*, 50(5/6):373–85.

- Dirks, C. 1992. *Die Uile. Omnibus 1*. Midrand: Perskor.
- . 2010. *Die Otters. Boek 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Du Plessis, I. 2010. Afrikaner nationalism, print culture and the “capacity to aspire”: The imaginative powers of popular fiction for young readers. *African Identities*, 8(1):320.
- English, C. 2017. Towards sport reform: Hegemonic masculinity and reconceptualizing competition. *Journal of the Philosophy of Sport*, 44(2):183–98.
- Foucault, M. 1976. *Truth and power*. In Rabinow (red.) 1976.
- . 1978. *The history of sexuality: An introduction. Volume 1*. Vertaal deur Robert Hurley (1990). New York: Vintage Uitgewers.
- . 1980. *Power/Knowledge*. Brighton: Harvester Uitgewers.
- Gardiner, K. 2021. Tomboys: Performing gender in popular fiction. *Image & Text*, 35:1–22.
- Geldenhuis, I. en J. Anker. 2018. Die aard van genderuitbeelding van vroulike hoofkarakters in onlangse Afrikaanse jeugliteratuur. *LitNet Akademies*, 15(1):352–80.
- Given, L.M. (red.). 2012. *The Sage encyclopedia of qualitative research methods*. Thousand Oaks: Sage.
- Gooden, A.M. en M.A. Gooden. 2001. Gender representation in notable children’s picture books, 1995–1999. *Sex Roles*, 45(1/2):89–101.
- Hambidge, J. 2011. LitNet Akademies-resensie-essay: Alice Miller – Saartjie Bauman en Thomas. *LitNet Akademies*. <https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-alice-miller-saartjie/> (17 Mei 2022 geraadpleeg).
- Hamilton, M.C., D. Anderson, M. Broaddus en K. Young. 2006. Gender stereotyping and under-representation of female characters in 200 popular children’s picture books: A twenty-first century update. *Sex Roles*, 55:757–65.
- Henning, E., W. van Rensburg en B. Smit. 2011. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.
- Hough, B. 1990. *Droomwa*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kaufman, S.B. 2015. The myth of the alpha male. *Greater Good Magazine*. [https://greatergood.berkeley.edu/article/item/the\\_myth\\_of\\_the\\_alpha\\_male](https://greatergood.berkeley.edu/article/item/the_myth_of_the_alpha_male) (20 Mei 2022 geraadpleeg).
- Key, M.R. 1971. The role of male and female in children’s books: Dispelling all doubt. In Unger en Denmark (reds.) 1971.

- Kritzinger, M.S.B., E.J. Pienaar en A.A.M. De Villiers, 1927. *Afrikaanse spreekwoorde, gesegdes, ens.* [https://www.dbnl.org/tekst/krit001afri02\\_01/krit001afri02\\_01\\_0013.php](https://www.dbnl.org/tekst/krit001afri02_01/krit001afri02_01_0013.php) (7 April 2022 geraadpleeg).
- Lenta, P. 2020. Corporal punishment and the costs of judicial minimalism. *South African Law Journal*, 137(2):185–200.
- Lundgren, B. en M. Khau. 2015. Broken promises – A novel’s impact on shaping youth identity. *Reading & Writing*, 6(1):1–8.
- Maree, K. (red.). 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.
- Mayeza, E. en D. Bhana. 2021. Boys and bullying in primary school: Young masculinities and the negotiation of power. *South African Journal of Education*, 41(1):1–8.
- Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A guide to design and implementation*. San Francisco: John Wiley & Son.
- Morales, J.F., S. Yubero en E. Larrañaga. 2016. Gender and bullying: Application of a three-factor model of gender stereotyping. *Sex Roles*, 74:169–80.
- Naudé, B. 1993. *Saartjie. Omnibus 1*. Johannesburg: Perskor.
- Nebbia, C.C. 2016. *Gender stereotypes in children’s literature*. MA-verhandeling. Universiteit van Noord-Iowa.
- Niehaus, S.L.J. 1989. *Die eietydse weergawe van tradisionele sprokies en die feminisme se invloed daarop*. MA-verhandeling, Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Nieman, M.M. en A.J. Hugo. 2004. Vrouekarakters in bekroonde Afrikaanse jeugboeke: ’n Opdatering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(1):1–14.
- Nieuwenhuis, J. 2007. *Introducing qualitative research*. In Maree (red.) 2007.
- Olweus, D. 1994. Bullying at school: Basic facts and effects of a school based intervention program. *Journal of Child Psychology & Psychiatry & Allied Disciplines*, 35(7):1171–90.
- Owens, A. 2011. Limited by stereotypes: Gender bias in Stephanie Meyer’s *Twilight* series. *LOGOS: A Journal of Undergraduate Research*, Herfs:124–37.
- Pollack, W. 1999. *Real boys: Rescuing our sons from the myths of boyhood*. New York: Owl Books.
- Possa-Mogoera, R. 2020. A bad name is an omen: Stigmatising names amongst the Basotho. *Literator – Journal of Literary Criticism, Comparative Linguistics and Literary Studies*, 41(1):1–9.
- Rabinow, P. (red.). 1976. *Essential works of Foucault*. Volume 3. New York: J.D. Faubion Uitgewers.

Rachlin, S.K. en G.L. Vogt. 1974. Sex roles as presented to children by coloring books. *The Journal of Popular Culture*, 8(3):549–56.

Reyneke, M. en R. Reyneke (reds.). 2020. *Restorative school discipline: The law and practice*. Claremont: Juta Uitgewers.

Robertson, J. 2010. Making the man, keeping the boy. *Natalia*, 40:110–20.

Robertson, J. 2011. “Hell’s view”: Van de Ruit’s *Spud* – changing the boys’ school story tradition? *Literator*, 32(2):33–63.

Schalkwyk, L. 2020. Skrywersaanhaling van die week – 13 Julie 2020. *Kraal Uitgewers*. <https://www.kraaluitgewers.co.za/skrywersaanhaling-van-die-week-13-julie-2020/> (17 Mei 2022 geraadpleeg).

Silva, A.F. en R.S. Savitz. 2019. Defying expectations: Representation of youths in young adult literature. *Journal of Adolescent & Adult Literature*, 63(3):323–31.

Silverman, J. 2012. *Hegemonic Masculinity and the use of Foucault*. [https://www.academia.edu/2339354/Hegemonic\\_Masculinity\\_and\\_the\\_Use\\_of\\_Foucault](https://www.academia.edu/2339354/Hegemonic_Masculinity_and_the_Use_of_Foucault) (16 Mei 2022 geraadpleeg).

Smith, T. 2017. *Trompie: Omnibus 6*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2018. *Trompie: Omnibus 7*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2020a. *Trompie: Omnibus 1*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2020b. *Trompie: Omnibus 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2020c. *Trompie: Omnibus 3*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2020d. *Trompie: Omnibus 5*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2020e. *Trompie: Omnibus 8*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 2021. *Trompie: Omnibus 4*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Snyman, M. 2018. *Reënboogrant maats. Omnibus 2*. Midrand: LAPA Uitgewers.

Sobal, J. en M. Milgrim. 2019. Gendertyping sports: Social representations of masculine, feminine, and neither-gendered sports among US university students. *Journal of Gender Studies*, 28(1):29–44.

Taber, N. en V. Woloshyn. 2011. Dumb dorky girls and wimpy boys: Gendered themes in diary cartoon novels. *Children’s Literature in Education*, 42(1):226–42.

Trepanier-Street, M.L. en J.A. Romantowski. 1999. The influence of children’s literature on gender role perceptions: A reexamination. *Early Childhood Education Journal*, 26(3):155–9.

Trites, R. 2000. *Disturbing the universe: Power and repression in adolescent literature*. Iowa City: Universiteit van Iowa Uitgewers.

—. 2001. The Harry Potter novels as a test case for adolescent literature. *Style*, 35(3):472–85.

*Trompie en die Boksbende*. s.j. <https://www.imdb.com/title/tt7527542/> (2 November 2021 geraadpleeg).

Tsao, Y. 2008. Gender issues in young children's literature. *Reading Improvement*, 45(3):16–21.

Turner-Bowker, D.M. 1996. Gender stereotyped descriptors in children's picture books: Does "Curious Jane" exist in the literature? *Sex Roles*, 35(7/8):461–88.

Unger, R., en J. Denmark (reds.). 1971. *Women: Dependent or independent variable?* New York: Psychological Dimensions.

Van Coller, H. 2022a. Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie. *Die Volksblad*, 3 Mei 2022, bl. 9. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hennie-van-coller-jy-kry-hulle-nie-meer-in-boeke-en-op-tv-nie-20220503> (2 Junie 2022 geraadpleeg).

—. 2022b. Dan verkies ek maar liever vir Rooi Jan. *Die Volksblad*, 18 Mei 2022, bl. 8. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/dan-verkies-ek-maar-liever-vir-rooi-jan-20220517> (2 Junie 2022 geraadpleeg).

Van de Ruit, J. 2012. *Spud – exit, pursued by a bear*. Johannesburg: Penguin Boeke.

Van der Vyver, M. 2001. *Griet kom weer*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Walt, D. 2008. *Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: NB-Uitgewers.

Van der Walt, T.B. 2005. Afrikaanse kinder- en jeugprosa. In Wybenga en Snyman (reds.) 2005.

Van der Walt, T.B. en M.M. Nieman. 2009. Die feministiese uitbeelding van die gesin in Marita van der Vyver se boeke vir jong volwassenes. *Mousaion*, 27(2):150–63.

Weitzman, L., D. Eifler, E. Hokada en C. Ross. 1972. Sex role socialization in picture books for preschool children. *American Journal of Sociology*, 77:1125–50.

Williams, J.A., J.A. Vernon, M.C. Williams en K. Malecha. 1987. Sex role socialization in picture books. *Social Science Quarterly*, 68(1):148–56.

WorldCat. s.j.(a).

<https://www.worldcat.org/search?q=au%3ATopsy+smith+ti%3Atrompie&qt=advanced&dblist=638> (22 Junie 2021 geraadpleeg).

—. (b). <https://www.worldcat.org/title/trompie-die-speurder/oclc/608635764/editions?editionsView=true&referer=br> (22 Junie 2021 geraadpleeg).

—. (c). <https://www.worldcat.org/title/trompie-omnibus-1/oclc/851028225/editions?editionsView=true&referer=br> (22 Junie 2021 geraadpleeg).

Worldfilmgeek. 2021. <https://worldfilmgeek.com/2021/04/26/trompie-1975/> (2 November 2021 geraadpleeg).

Wybenga, G. en M. Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom. 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.